Ik sé toen somaar, „ja”, o'er 't ik mij nie mooi kan herinner nie. „En toe”? vra ik, wat verder?

„Nou gister,” vervolg Hans, „klim die ou op, en sê, so's hij gewoonlik baje soetjes praat: „Hans, ou maat, kan ik saam rij?” Ik sê: „ja oom Gert, klim maar op.” Die ou klim toen op. Ik weet hij het nie geld nie, laat staan maar, denk ik, dit kom almaal reg in die wassing, so's die Engelsman sê! Net so's hij sit, kom daar 'n paar van die Russiese jode in die „bus”, en begin gesels, meneer weet mers, hoe hulle al-me-lewe praat met hulle hande? Hulle gaat te keer dat die ou bus so dreun. Toe kom daar, na so'n rukkie, ook nog Mrs. Works, jij weet meneer, die ou vrouw, wat hulle sê wat drank verkoop—maar ik sê dit daarom nie! Nou begin die jode te gesels met die vrouw en hulle hande gaan maar al-melewe heen en weer en oom Gert denk die een kerel wijs naar hem. Na so'n rukkie sê die ou voor mij: Wat wil die kerel hê? Hij wijs naar mij. Ik lijk dit nie. Ik schreeuw toe: hij gesels!“ maar die ou is giad nie tevrede nie. Hij kijk maar almelewe naar die een man en na so'n rukkie sê hij: Hans ik wil uit klim! Dit is voor niet dat ik probeer om die ou te sê, die mense is goed. Hij denk, hulle wil hem besteel en die snaakste is, hij het nie 'n tikkie in sijn sak nie.

Ik hou toe die „bus” stil en die arme ou klim uit en voel in sijn sakke, net of daar nog iets in gewees't! Toe 't ik gelag, tot ons bij die „stand” kom.

Jannie Duprees—een van die ander bus-drijwers—is 'n regte stille man. Jij hoor hem nooit praat met die ander kerels nie. Hij sit maar net en kijk voor op die bus voor passiesiers. Die rede daarvan is, dat die ander busdrijwers hem nie lijk nie, o'er 't hij 'n slag die opposiesie busse gedrijf 't.

Julle moet weet, daar was 'n man met die naam van Goetman. Die ou het gedag, hij sal nou so maar gou-gou die Troyville busse gedaan maak en hij stuur somaar dadelik 'n klomp grote en nuwe busse op die lijn en krijg 'n paar van die ou drijwers en laat hulle rij voor 'n

tikkie. In die tyd was die prijs 6 dubbeltjes gewees. en du Prees het so maar o'er geloop. Nou noem die een hem een „skout“ en die ander 'n „onderkruiper,” en Hans sê hij is 'n regte „vuilis”.

Dit het maar kort geduur met die goed, want hulle het teen mekaar gerij, en jij kon somaar die busse heel-dag sien trek 't, en op 'n streep jaag deur Troyville s'n strate; en toe het die kerel ingegé. Du Prees moes maande wag, voort 't hij weer 'n „job” had. Op die end het een van die base hem weer 'n kans gegé, o'er 't hij toe 'n man kort was en só is hij weer in gekom.

Du Prees praat al-me-lewe stadig en o'er 't hij van die Perl kom, het hij die mense s'n manier om te praat. Hij praat van die „verandering van die weeg” en al die „swaag” wat hij kgij“. Hij vertel jou van die 't „wegeld“ s'n „vgeselike” gesukkel; maar dit is eigelik maar selde dat jij 'n woord uit hem krij en min mense praat met hem.

Oom Hennie sê met sukke goed praat hij tog nie.

Gert Stein die ander drijwer, had nou weer 'n heel-maal ander manier. Hij klaag al-me-lewe. Vraag jij 'm, hoe gaat dit dan sê die ou:

„Hoe sal 'k sê? Niks als swaar nie. Als die kind beter is, dan is die vrouw siek en als die vrouw gesond is, is daar 'n ding verkeerd met die rijerij! Wat sal 'n mens maak?

Só praat hij nou al-me-lewe. Als sijn bus vol is sê hij: „ja maar gister het ik 'n al te slegte dag gehad, en als jij dan sê: „maar dit maak tog g'n onderscheid in die betaling nie,” dan sê die ou: „ja hij weet, maar dit is daarom baja treurig.” „Ja,” sê hij dan met 'n sug, „ik is al te ongelukkig. Hulle pla mij al te baja“ En vraag jij dan, „hoe kom is dit?” dan sê hij:

„Kijk nou, gister kom daar 'n kerel; hij 't 'n sakkie êrdappels en 'n boksie kerse, en nog 'n groot sweepstok bij hem. Al die goed laai hij voorop en hij set sijn klein seuntje in die bus. Toe 't ons op die „stand“ kom en ik vraag hem ver 'n sikspens, sê hij, ik is mal. So is dit

nou al-me-lewe. Ik krij die ma'erste pêrde en die vrotse „buste”; maar dit help tog nie om te kla nie!

Onlangs praat ik met Hans o'er al die sake, en ik sê so :

„Dit lijk mij dat Stein maar 'n bietje ongelukkig is.”
Maar Hans sê : „dit is maar bog. Jij weet meneer, 'n busdrijwer is 'n man, wat net so goed moet uitkijk voor sijn besigheid als elke ander mens. Dit help glad nie, dat jij daar sit en slaap net of jij 'n mak bobiaan is, wat leisels hou. Jij moet oppas en uitkijk. Als ik rij en ik siet 'n kerel staan, hou ik so'n ietsie in en ik skreeuw : „Yes sir, Troyville sir,” of „Joburg sir?” Altemit het hij glad nie plan om te rij nie, maar partij keer klim hij in en ik het 'm gevang. Partij keer staat daar 'n klompie nooiens; dan rij ik so reg voor hulle en roep : „Yes Madam ? here you are for Joburg !” En hulle moet maar tevrede wees. En als die ou trem ons dan voorbij trek, dan sê die spul : „We ought to have taken the tram,” en ik lag en denk : „Ja, maar julle is nou in mijn ou bus, en moet maar betaal ! Dit is de regte manier om die bus te drijf. Jij moet uitkijk en nie sit en slaap nie !”

En nou is daar altemit onder julle, wat dit lees, wat sal sê; hoe kom neem hij dan so baje notiesie van die bus-drijwers ?

Dit sal ik voor julle sê. Die meeste van hulle, is goeie mense, wat jij aldag kan sien en waaro'er maar min van ons ooit denk. Weet julle, hoe swaar dit is, om te leef van £2 in die week en van die morre om 7 uur tot die a'end om 10 uur op die plek te sit ? Om jou vrouw en kindertjes kost en klere te gé en skool te laat gaan, en te sorg dat hulle al-me-lewe skoon is ?

Verlede week klim ik op bij een van hulle. Hij gesels anders altijd, maar die dag was hij banje stil. „Wat mekeer,” vraag ik. „Meneer,” sê hij, „ik het vanmore mijn dogtertje begrawe, en jij kan verstaan hoe ik nou voel.”

Ik was banje jammer voor hem, en hij vertel mij toe hoe lief hij voor die kind was.

Na so'n tijdje vraag ik hem, hoekom rij hij dan die

dag? Hij sê toe, hij was die more vrij gewees maar hij rij nou maar liewer dan verdien hij nog wat en hij vergeet die verdriet.

Denk tog 'n bietje, als julle die bus-drijwers siet, dat hij ook een van ons medemense is. Dat hij voor 'n kleine loon, als daar geen teespoed kom nie, julle en mij moet vervoer, en als die Johannesburg s'n stof so waai, wat ons in die huis hou daar moet sit, en partij keer met die sakdoek voor die mond 'n tikkie change moet seek. Als die reën bij strome val, moet hij met die hande deur die voorseil en die reën in sijn gesig uitkijk voor julie en mij en voor kebs en trems op-pas. Als hij 'n fout maak, moet hij dit self betaal, en hij moet maar altijd 'n blijë gesig trek en tevrede wees.

Dáarom het ik so baja notiesie geneem van die busdrijwer, en ik hoop dat julle, als julle die tikkie so onverschillig uit haal, om hem te betaal, ook sal denk, dat die eenvoudige man een van ons medemense is, wat net so goed sijn plig doet als ons almal, al is hij dan maar 'n busdrijwer!

„VREDE OP AARDE.”

't Is vier uur in de morgen. Op de plaats Grootfontein is nog alles stil. 't Is bijna 'n satire die plek 'n „plaats“ te noemen, want 't ijzeren huisje, dat de eens witblinkende muren vervangen heeft, ziet er armelik uit; armelik ook is de kraal van boomtakken en doornbosjes gemaakt, en 't enige dat nog aan oude tijden herinnerert is de „dam“ met zijn stevige wallen en z'n wilgen, die altijd treuren en toch zo aantrekkelijk zijn. De dag voorspelt heet te worden. De zon is al aan 't komen en wekt de slapende insecten, die reeds beginnen te gonzen. In de verte rijzen een rij kopjes op, die elkander volgen in statige processie net—om 'n uitdrukking van Hans van Rensburg, de eigenaar der plaats te gebruiken—„net zo's khakies, wat kom!“ En als dan de mist wolken boven die bergjes uit trekken en soms 't verre onweer rommelt, mompelt hij: „da's de groot kanon, en daar slaat die kruitdamp uit!“

Wel is 't hem te vergeven, dat hij nog die treurige dagen niet kan vergeten, waarin hij van vrouw en kind gescheiden eerst zijn plicht deed en daarna, als gevangene gewond verbannen werd, om alles wat 't zijne was verwoest terug te vinden.

Ook deze morgen treedt hij naar buiten en met 'n „soe!“ jaagt hij de vliegen weg die alreeds lastig worden.

Hij is 'n jonge man van dertig jaren, met 'n gebruid gelaat en rossige baard en knevel. Z'n gelaat toont reeds sporen van lijden en 'n trek van bitterheid speelt om z'n mond als hij op z'n kraal toetreedt. Een kraal! En onwillekeurig denkt hij terug aan die dagen van ouds, toen hij 'smorgens z'n paard vond opgezadeld, als hij koffie had gedronken. Hoe hij dan met 'n luchthartig gevoel in de zadel kon

springen, niet eens naar z'n toen grote kraal met enkel melk-koeien omkeek, maar wegreed naar z'n twee honderd beesten hier en z'n vijfhonderd daar. Toen hij aan z'n vele kaffers orders kon geven en alles stipt zag opvolgen, ja, „toen was hij 'n boer—en nou?” Menigmaal had hij die uitdrukking gebezigd, doch in de laatste tijd niet meer zoveel in de tegenwoordigheid van z'n vrouw. Haar had hij innig lief en hij had 't menigmaal gezegd, dat 't enige waarvoor hij nog dankbaar kon zijn, was dat hij haar rein en liefhebbend terug vond. Wel had zij veel van hare vroege frisheid verloren, doch haar lief, zacht gelaat was 't zelfde gebleven. 't Verlies van haar eerste kind had zij diep gevoeld, vooral omdat zij wist, dat hij op dat „zeuntje” gesteld was, doch zij wist ook weer dankbaar te zijn, toen hen 'n dochtertje geschonken werd.

En soms kon ze hem 's morgens vóór hij aan z'n werk ging, al z'n leed doen vergeten, hem wijzende op hun lief kind en sprekende over de toekomst of honderd kleinigheden, die ze wist dat hem zouden genoeg doen. Want alleen zijn met hem en niets zeggen, wist ze, was niet goed. Dan dwaalden hun gedachten naar één onderwerp, en dat onderwerp wilde ze liefst niet aanraken, zij niet, omdat 't hem met bitterheid vervulde, *hij* niet, omdat 't haar ten diepste griefde.

Zij had 'n broeder. Die broeder was, òf uit vrecs òf uit belangzucht even vóór 't sluiten van de vrede naar de vijand overgelopen en aan hem schreef haar man het toe, dat al z'n vee, 't welk nog zo goed door zijn trouwe jongens was opgepast, kort daarna was weggehaald en waarvoor hij, toen hij terug keerde, niets ontvangen had ondanks al zijn pogingen. Daar stond tegenover, dat z'n zwager Pieter als een welgestelde boer op een paar uur afstand leefde en bijna niets scheen verloren te hebben. Aan al deze dingen dacht hij ook weer, toen hij die morgen bij z'n kraal stond en zijn weinige beesten beschouwde.

„Baasie moet nou kom.”

Aan zijn zeide stond „ou Soldaat,” een „hotnot” van twijfelachtige ouderdom. Hans’ vader had hem eens in ’t veld gevonden, toen hij nog maar heel jong was en al kledingstuk, wat hij toen droeg, was een oud soldaten baatje, waarnaar hij z’n naam gekregen had. Dit was vóór Hans geboren werd en de oude jong had hem dus zien opgroeien en noemde hem nog steeds „baasie.” Zij hadden samen gespeeld zoals dat op ’n plaats gaat, en Soldaat kende al de geheimen van zijn „Baasie.” ’t Werd Hans vreemd, te moede, toen hij daar „die ou schepsel” zag, die zo tronw bij z’n vrouw was gebleven, als ’n hond bij z’n meester. Hij dacht er nog aan hoe hij hem ’n extra „pruimpje” placht te geven als Soldaat z’n paard „Fairplay” had opgepoetst, toen hij nog naar Annie vrijde. Soldaat kon dan zo bij hem staan en vóór hij te paard sprong op ’n ernstige manier zeggen:—

„Baasie die perd lijk nou net zo’s nooit toe.”

En als hij dan in scherts met de rijzweep naar hem sloeg, krabde de oude z’n kroesige kop en mompelde als de baas weg reed:—

„Ik weet mers—”

„Ja ik kom,” Hans nu, en in dezelfde asem riep hij:—

„Soldaat!”

„Baasie?” klonk het vragend antwoord.

„Wat ’n klomp beeste nè?” zei de baas met bitterheid.

De jong keek hem enige ogenblikken vragend aan en antwoordde toen:

„Die Grootbaas daar boê kan nog banje breng, baas Hansie.”

„Hoe weet jij dlt?”

„Die nooit sè zo!”

Hans wist, dat ’t toch niet hielp met die „hotnot” te praten die zwoer bij die „nooi” en ging stiltwijgend naar binnen.

„Jij is vroeg van morre, zei hij tot z’n vrouw, „’t is nog niet zes uur nie.”

Z’n vrouw zag een weinig bleker dan gewoonlik en

er lag een ernstige trek op haar gelaat, die haar man maar al te goed kende. Hij wist dat er iets buitengewoons in haar omging en wachtte dus af wat er komen zou.

„Ja,” zeide ze, „’t is vroeg, maar ik dacht, jij het toch niet zo banje drukte; ons kan maar eet.”

Stilzwijgend zetten zij zich neer en buiten ’t gonzen der vliegen en ’t snelle tikken van ’t kleine klokje was ’t doodstil in de kamer.

„Hans” begon de vrouw op eens.

„Ja Annie, wat ’s?” vroeg hij.

„Ons was mers in Pretoria toe die ou’ President begrave is en ons het daar banje gehoor van eensgezindheid en liefde onder die Afrikaner volk. Die predikante en die Generaals het ons daar op gewijs, dat ons al die twisten en onenigheid moet op zij zet, elkander vergeef en”—opeens hield zij op en keek haar man aan, die haar verwonderd aanhoorde—„en,” vervolgde zij, „het jij gezien broer Pieter was ook daar?”

’t Gezicht van Hans verdonkerde. Hij keek z’n vrouw een ogenblik aan en antwoordde toen:—

„Kijk, Annie ons het same altijd in vrede en geluk geleef. Daar is nooit één woord tussen ons gewees, en laat dit nou ook so blij! Praat nou nooit meer met mij van die.....” maar zij liet hem niet uitspreken.

„Hans jij weet dat ’t net nou Krismis zal wees; jij weet ook, dat die boodschap van „vrede op aarde” gegeve is en jij kan en mag niet volhard in jou..... daar is mense,” viel zij zich zelf in de rede, en man en vrouw keken naar buiten en zagen ’n mooie spider met twee jonge schimmels, waaruit tot beider hoogste verbazing Pieter, Annie’s broeder, stapte.

Snel liep hij de stoep op en stond voor de deur, vragende:—

„Mag ik in kom?”

Annie was doodsbleek geworden en Hans perste de tanden op elkander; Pieter herhaalde de vraag en op een flauwe hoofdknik zijner zuster trad hij in.

„Wat zoek jij hierso?” was ’t eerste wat Hans sprak. ’t Was duidelijk dat die vraag z’n zwager diepe pijn deed gevoelen, en met een bevende stem antwoordde hij:

„Ik kom julle zien en nooi voor Krismus.”

„Jij weet,” sprak Hans met fonkelende ogen, „dat ik mij niet met landverr . . .”

„Hans,” klonk ’t eensklaps op zulk een klagende toon uit de mond van zijn vrouw, dat hij plotseling ophield.

Hij wilde naar haartoe gaan, doch zij weerde hem af en zich oprichtende, zeide ze:—

„Kijk, Hans, jij was daar, so’s ik net nou geseg het, toe onze President begrave is. Boet Pieter was ook daar en ik het julle gezien. Ik het gesien dat die trane in jou oge was en dat Boet Pieter swaar gekrij het, weet ik ook. Julle het die woorde van liefde en eensgeindheid gevoel en daarmee saamgestem en nou kom dit daarop aan of julle dit meen!”

De beide mannen keken ernstig voor zich en Pieter onderbrak haar door te zeggen:—

„Boet Hans meen, dat ik hem kwaad gedaan het, maar ik kan hier zweer, dat ik daaraan geen schuld het. Ik het een groot fout gemaak; dit weet ik.”

Hans wilde iets in het midden brengen, doch z’n vrouw ging voort: „Julle weet, dit is nog een paar dagen en dan is dit Krismus. Julle het gehuil bij die lijk van onse oude Voorganger; wat zou hij wel denk van julle as hij geweet het, dat julle op die manier die geboorte van die Heer gedenk, terwijl julle as broers behoer te leve en te vergeve? Hoe sal daar ooit vrede op aarde wees, as julle zo maak?”

Annie was werkelijk welsprekend en ’n bos van opgewondenheid kleurde haar lief gelaat.

Hans keek z’n vrouw aan en plotseling op haar toetredende drukte hij haar in zijn armen. Zij drong hem dichter naar haar broeder en vatte hun beider handen, die ze in elkander legde.

De mannen lieten dit zich welgevallen en Hans voor

't eerst z'n zwager met kalme blik aanziende, sprak:—

„Ik vergeef jou.”

Pieter drukte z'n hand zwijgend, en op z'n zuster toegaande gaf hij haar een kus op 't voorhoofd, keerde zich om en liep de deur uit; vóór hij echter de stoep af was, kwam hij nog terug en vroeg:—

„Kom julle dan?”

Hans antwoordde met schorre stem:—

„Ja, ons kom!”

Annie was in een stoel neergezonken en snikte nu luide. Haar man wilde haar troosten, doch zij glimlachte hem toe en zeide:—

„Hans, kijk nou voel ik vandaag voor die eerste keer, wat dit meen:—

„VREDE OP AARDE!”

ZO ZIJN ER!

Schetsen uit 't Johannesburgse Volksleven.

Er bestaat 'n individu;—helaas was 't dat nog maar! —ik behoor te zeggen er bestaat 'n klasse mensen onder de Afrikaner bevolking in onze dorpen, vooral in Johannesburg, die vóór de oorlog bijna onbekend was en nu dagelijks in getal toeneemt. Ik bedoel de zoogenaamde „spekulant”. Ik meen daarmee niet de handelaar in vee, of de leveransier van produkten, of koopman van welke aard dan ook.

Laat ik trachten u zijn portret te tekenen. Om te beginnen, moet ik zeggen, dat er twee soorten zijn; grote en kleine, of liever, om u 'n denkbeeld van z'n afmeting te geven: de spekulant, die u 'n goudplaats wil verkopen ergens in de „Orange River Colony”; deze meneer spreekt bij voorkeur Engels en de kleine, die nog de „refusal” „heeft van 'n achtste van 'n plaats in de nabijheid van „Johannesburg langs die „railway”, of nog 'n half erf in „Vrededorp of Fordsbnrg, welke bezittingen hij u voor 'n koopje wil overdoen.”

De kleine spekulant is gewoonlik een man, die er welgedaan uitziet, nog al netjes in de kleren steekt en buitenshuis geheel en al 'n man van de wereld tracht te schijnen. Ik zeg buitenshuis, omdat 't daarbinnen nog al eens geheel anders uit ziet. Soms werken de vrouwen en hare kinderen voor 't dagelijks brood en soms ook niet, en leeft men in de verwachting van die mooie speculatie, die „pa” er nog maar altijd niet „deur” kan krijgen, en neemt de armoede van dag tot dag toe, om soms plaats te maken voor erger. Vroeger had de man 'n paar pond

en zou met 'n cab of door 't kopen van 'n stukje grond buiten, waarvoor hij toen nog de middelen had, in de behoeften van zijn huisgezin hebben kunnen voorzien. Maar dan moest er gewerkt en 't was toch veel gemakkelijker om te „speculeer” zoals neef Gjert, die mers o mar so, £300 gemaakt heeft, „net met segels.”

In 'n bierhalle, op de hoek van 'n straat, waait 't groene gordijn zo nu en dan door de tocht naar buiten en laat de voorbijganger een blik werpen op 't geen daar binnen omgaat. Bij 'n tafeltje in een hoek zitten twee mannen; één ervan is onze speculant; de andere is z'n slachtoffer, of liever hij die als slachtoffer bestemd is. Maar Kootje Weilbach is ook „niet van gisteren” en heeft neef Jannie van der Merwe „in de gaten”, al praat hij ook als 'n ervaren handelaar in erven en plaatsens. Kootje luistert en kijkt in z'n glas, waar de inhoud uit verdwenen is. Jannie ziet 't en klopt met 't zijne op 't tafeltje met 'n „Two more, please, hierso.”

Jannie, bijgenaamd „slim Jannie”, weet wat hij moet doen. „Als jij bezigheid wil maak,” zegt hij, „moet jij niet op 'n sikspens bier zien.”

„Kijk ou broer,” en Jannie klopt z'n vriend vertrouwelijk op de schouder, „jij moet nou die zaak mooi verstaan. „Als jij die erfie voor mij gee, v'r die geld, zal ik jou „andere dag ook weer 'n plesier doen.”

Kootje neemt 'n teug, doch wil niet verstaan, waarom hij niet zelf naar die „paartie”, zoals v. d. Merwe de onbekende koper noemt, kan toe gaan. Hij, Kootje, is gewillig de tussenpersoon, hier Jannie, de zelfde percenten te geven en dat is volgens Jannie's zeggen maar twee pond tien shilling.

De spekulant is teleurgesteld. Hij had gedacht 'n gemakkelijker prooi te zullen vinden en kijkt z'n slachtoffer schuins over z'n glas aan.

„Kijk, jong”, begint hij na enig nadenken, „jij moet mij nou goed verstaan. Die ding is zoo: „Die „paartie” „waar ik voor werk, is 'n grote firma, wat net met mij

„alleen wil werk. As ik hulle 'n andere „paartie bring,” „geef „hulle mij die „sack” en jij zal toch „niet 'n broer „uit 'n paar pondjes verdienste wil help, nè?”

„Ja, maar,” volhardt Kootje, „as jij nou toch jou per- „centen maak, hoe kom kon ik dan dit niet zelf doen?”

„Man,” valt de spekulant hem enigzins ongeduldig in de reden, „jij verstaan die ding verkeerd, ik zeg jou mers!”

„Nou ja, ik zal daar o'er denk,” zegt Kootje opstaande en met een „so long” verlaat hij 't vertrek.

Buiten gekomen grinnikt hij in zichzelf, tevreden dat hij slim Jannie twee „biers” heeft laten staan, en mompelt: „Wat hij kan maak, kan ik mers ook maak.” De speculatie is mislukt en brommend gaat slim Jannie huis toe.

Het is te betreuren, dat niet al z'n speculaties op deze wijze aflopen en dat de noodzakelijkheid hem niet dwingt weer eerlike arbeid aan te vangen.

Soms, of liever zeer veel malen, geldt het een arm mens of een in 't nauw gedreven werkman, die nog 'n stukje grond, vaak zijn laatste, eigendom over heeft en dit moeten verkopen. Als onze speculant daarvan de lucht krijgt, is hij meestal zéker van z'n prooi en wordt hij vaak walgelik in de betuigingen van z'n medelijden. Hij schroomt niet om, als 't mogelijk is, de helft der waarde in z'n zak te doen verdwijnen, terwijl hij overvloeit van geveinsde dienstvaardigheid. Hij speelt de rol van „ware Afrikaner”, die door die oorlog alles is „kwijtgeraak”. (Gewoonlijk zijn deze lieden stilletjes thuis gebleven of zo gou mogelijk terug gekeerd.) Hij vertelt van al z'n „zwaar” en al zijn tegenspoed en geeft voortdurend verzekeringen van zelfopofferingen.

„Die hele ding zal Mrs. „so of so“ niets kosten. Hij zal „alles in orde maak en die papieren „sign” en die geld is „cash-contant.” En als soms 't arme mens nog twijfelt, schroomt hij niet 't gesprek op de preek van voor laatste Zondagavond te brengen en over die heerlike rede te spreken met 'n vuur dat de arme vrouw medesleept, en als ze dan geheel oor is, zegt hij: „nou ja sal ons dan

„maar die zaak zo laat blij en sal ik Mrs. so of so die „geld breng? U sal net die dokument moet teken en die geld is daar.”

Nood drijft en hij krijgt z'n zin, tevreden dat hij nu toch 'n paar pond gemaakt heeft, onverschillig of hij woekert, en 't penningske der armoede steelt.

Zo zijn er velen, doch ze zijn ongelukkig niet de ergsten. Er zijn er, die in 't groot hun bezigheid drijven. Die in „shares” van kolen, goud en diamanten doen en voor zich zelf overtuigd zijn, dat „die plaats waar zoveel in zit” niet meer waard is dan 'n gewone steengroeve. De algemene woede om geld te maken, heeft hen zo aangegrepen, dat ze niet eens meer weten, dat 't hun eigen land en volk is 't welk ze helpen verkwanselen. En de „big company” weet wel, dat ze alleen 'n Afrikaner kunnen zenden om deze of gene onnozele boer 'n stuk van zijn plaats te doen afstaan, of z'n gehele bezitting. Door die lui wordt hij dan 'n „smart man” genoemd; door die vijanden van z'n erfenis wordt hij betaald en 't streelt z'n eigenliefde door te gaan voor „very clever”.

Hij voelt 't niet eens meer als er Zondags in de preek (want kerkgaan doet hij getrouw) op gewezen wordt, hoe 't land van z'n voorvaderen voor enkele zilverlingen verschachert wordt, en die beschuldigingen hem gelden.

En de oorzaak van dit alles? 't Is 'n hard woord misschien, doch 't moet genoemd worden: Traagheid! Gelukkig dat er velen zijn, die beginnen in te zien, dat 't nodig is, om ook in eigenliken zin de hand aan de ploeg te slaan en zo spoedig mogelijk behoort 't onze kinderen te worden duidelijk gemaakt, dat alleen arbeid ze kan redden van 't zo vaak aangehaalde „duivel's oorkussen”.

VAN EENVOUDIGE MENSE.

Op erf No. 300-en-zoveel in die 47ste straat van Vrededorp staat 'n huisie van „ijsder.” Die erf is 50 bij 50, en behoort aan die weduwe Viljoen, maar die verband, wat daarop is, is swaar.

Die huis het nie 'n veranda nie, maar aan die agterkant is een ordentelike hoenderhok met drie magere hoenders, wat kos zoek in die straat, want die heining is stukkend en daar passeer banje wa'ens met voer, en daarvan leef hulle. Geld om mielies te koop het die ou vrou nie, want zij sukkel maar net om self in die lewe te blij. Sij is net alléénig op die wereld met haar dogter Maria, wat op die „typewriter” skrijf en „shorthand” geleer het. Haar man is weg in die oorlog, en sij het nog nooit weer berig gekrij nie, wat is wat, of die ou nog lewe of nie. Hij het die huis self gemaak. Die stene het hij gebak van mooi bruin grond in die son; en hij het dit self gebou met 'n kaffer.

Die mense sê, die ou het die ijser gesteel van die Zasm-jaard, toe 't hij nog kole gerij het, maar dit lieg hulle.

Toen die huis klaar was, was dit 'n ordentelike plek gewees, van twee kamers en 'n kombuisie. Viljoen het 'n blauwerige papier gekrij en self die mure geplak. Die vensters het hij rood geverf, en die dak ook so'n bietje geskilder, en toen het hij die hoenderhok gemaak, want hij wou met hoenders boer. Hij het 'n klompie gekoop, maar die meeste is gesteel en daar is nou nog net drie, wat klaar gelê het en die ou vrou wil hulle al-me-lewe slag, maar sij doet dit daarom tog nie. Sij sê: hulle is ál maters wat sij nog het. Sij het 'n klein brakkie gehad, maar die kaffers van die kompond het hem gevang om

't hij nie 'n „ticket” gehad het nie, en nou is die arme ding dood. Sij het gehuil, die arme skepsel, want hij was die éنية geselschap in die huis.

Maria is nou amper 20 jaar en banje weg van die huis; zij trek aan so's 'n „lady” en gé voor haar ma één pond in die week,—want klere kost banje geld. Ma maak 'mers nog 'n paar ordentelike shillings met die wasgoed en, als die ou vrouw (só seg Maria) maar net oppas, dat sij nie weer haar hande brandt met die strijk-ijsers nie, dan kan sij 'mers goed lewe.

„You know,” seg Maria voor haar vrind Miss Jones, wat met haar pa Engels, maar met haar Hollands praat, „the old woman is so silly, she makes a mass of everything.”

„Ja” seg Miss Jones, „jij het tog banje gesukkel met die ou, and how old is she now?”

„Fifty two, I belief.” seg Maria.

„Nee wat, die ou vrouw is nog glad nie so oud nie, al is haar jare ook twee en vijftig. Sij is nog banje fluks denk sij, maar net die rimmetiek plaag haar partij-keer, dat sij net so stijf is als die ou „cuffs” van die hemde, wat sij gestrijk het.

Als die son uit is, staat sij op en maak koffie voor Maria, en bring dit bij die kind s'n bed. En dan maak sij die brekves voor haar en vouw die brood, wat Maria „tiffin” noem, in 'n papiertje en set dit in die sakkie, wat Maria aan haar „bicycle” hang. En dan veeg sij die stof af van die ding, want Maria sê, sij moet „decent” lijk, als sij op die kantoor kom. Partij-keer is die kind banje nukkerig en praat glad nie, voornaam, als sij so,n Engelse boek het van allerhande stories. Dan krij 'n mens nie 'n woord uit haar nie.

Ander a'ende gaat sij banje keer uit met George. George is op die „office” van die „Railway.” Hij is op 'n manier 'n „jentelman,” sê Mrs. Viljoen, maar Maria is daarom nog nie met hem verloof nie. Als haar ma haar vraag, hoe staat dit nou, dan word sij somaar kwaad en sê, „dont worry,” en moe-nie lol nie, ma.

So'n enkele keer kom George in die a'end en blij gesels, als Maria nie lus het om uit te gaan nie, maar die ou vrouw gaat dan maar liewers slaap, want Maria sê dan al-me-lewe:

„Ma sal wel banje moeg wees,” of „why don't you go to bed?”

Als dit nog 'n beetje vroeg is, vertel George van sijn „job.” Hij praat van die „responsability,” wat hij het, „on account of” die „luggage,” wat met die trein kom, en hoe die groot „officials” maar net voor hulle in die son „bask” en banje „oef” maak, maar „he is not going to stand it?” Hij sal hulle „show what he can do,” en hij sal „no longer ge-cheat” word door hulle nie.

En dan vraag Maria hem, of hij nie te banje „ge-spoon” het met die „girls” wat op die trein is, en dan lag George en sê: jij weet 'mers „I'll never do” so'n ding, jij weet 'mers „my inclination.”

Ma sit en luister en werk met die naald en verstaat maar die halfte wat die kinders praat.

Dan na so'n rukkie, staat sij op en geef hulle koffie met 'n stukkie koek, wat sij gebak het, en dan loop slaap sij.

Maar elke a'end voor 't sij in bed gaat, bid zij daarom: „Heere! Neem tog die rimmitiek van mij weg, en segen mij kind.” Maar die kinders gesels nog lang en als Maria dan later kom slaap, dan wag die ou vrouw nog so'n rukkie en kijk, of sij wel regtig toegemaak is en dan loop sij naar die deur, om te sien of die sleutel wel omgedraai is, want sij is bang voor diewe en skelms.

Maria slaap en sê partij slage: „hoe kom lol ma nou weer?” (so half in die slaap), en dan denk ma: „die kind is moeg.”

Só boer die twee vrouwmense saam in die eenvoudige huisje; ma denk al-me-lewe in die eerste plek om Maria, want sij is ál kind dat sij het; en Maria denk om George, want hij is 'n mooi jong „kjerl,” en sij word al oud. Banje van haar maats van die skool, wat net so oud is als sij, het al drie kinders, en dit is daarom nie goed genoeg nie.

George lijk om te „marry,” maar sijn „job” betaal maar net £12 10s., en hij het die laatste tijd op die resies verloor, want sijn „friend” het hem die „wrong tip” gegé. Daarom sal hulle nog ’n rukkie moet wag, want George sal seker die slag ’n ordentelike klomp maak met die „home resies” waarvan hij nou ’n tip gekrij het wat „absolutely certain” is, en hem weer „on his legs” zal breng.

II.

’n Paar strate verder woon Jannie van der Wal; dit is sijn naam, maar jij moet voor hem sê „Mister van der Wal,” want anders lijk die ou jou glad nie. Daar is van die slegte goed, wat hem die naam van „bos-apie” gegé het, o’er ’t hij so’n klein ronde baartje het, en so met sijn ogies blink onder die dik hare, wat bokant sijn oge groei.

Maar, so’s ik seg, daar is al-me-lewe slegte mense gewees, en die moet daar wees, seg Mister van der Wal.

„Kijk,” seg die ou voor jou, „mij hande is swart van die kole, en mijn gesig kan-nie skoon blijf nie, want ik werk ’mers met morsige sake, maar hier,” seg hij, als hij op sijn bors slaat, „is dit gelukkig skoon.”

En dan loop hij so middel op die pad en lei die klein vaal-ponie koud en stop die pijp, als hij so met jou gesels. En dan laat vat die ou, en vertel jou van sijn opinie o’er banje sake, wat sijn besigheid aangaat. Want hij praat nie van ander mense nie, „dit is nie sijn besigheid nie.”

Wat raak dit hem, dat Hans Meijer, wat in die „nexte” straat woon—met sijn „kustomers” maak? Die ou kan maar „cheat,” net so’s hij wil, en hij, van der Wal, (jij kan maar vraag, wie hij is) maak nie sijn sakke maar âmper vol, so’s du Toit van die 30ste straat; maar dit is ’mers hulle besigheid. Daar bemoei hij hem glad nie mee nie.

Kijk nou die ou pèrdje,” seg oom Jannie (want julle moet weet, hij is ook al o’er die vijftig, en daarom noem ons hem oom) „kijk ’n bietje voor die ding. Die pèrd is

nou net so skelm als 'n mens. Gister span ik hem in, en kijk hij maak net of hij kreupel is. Ik weet hij kul. Ik sê wag jou vuiles, nou sal ik jou wijs, en ik het hem toen 'n flukse pak gegé. Vandaag is hij weer 'n perd."

„'n Dier is net so's 'n mens; als jij hem 'n kans gê—dan vat hij hem."

„Ik ken voor Vrededorp. O, ik weet wat daar aangaat. Ik is maar net 'n eenvoudige boer, maar hulle kan mij nie so-maar 'n ding vertel nie."

„Meneer," sê oom Jannie, „ik weet wat aangaat. Gelukkig, mij drie kinders is getrouwd en ik boer so-maar alleen, maar ik wéet wat hier in die plek aangaat. Maar dit maak niks nie. Als ik in die more die kole oplaai en in die middag klaar is, dan kan ik sê: „Mr. van de Wal jij's 'n man! Jou konsensie is reg, so's die Engelsman sê."

Oom Jannie is 'n weduenaar. Sijn vrouw is lang-al dood, en hij boer alleen; hij woon in sijn eigen huisie, en sijn dogter Annie woon daar bij hem saam met haar man, wat al-me-lewe voor 'n „job“ soek op die mijne; maar die Engelse sal 'mers nie 'n „man“ 'n kans gé nie!

Annie haar man s'n naam is „Gjert" van der Merwe, en hij het geleerd om „fitter" te wees, maar die werk bij die smid in die dorp was te swaar, en toe het hij op die mijne „ge-try," maar jij weet hij het 'mers nie die „blasting certificate" gehad nie, en die „deep level" was té gevaarlik ook.

Nou kan julle verstaan, dat oom Jannie maar banje alléenig boer, en net met die twee kinders van Annie speel 's a'ends als hij bij die huis kom en hem gewas het. Dan vat die ou die twee kleintjes op sijn knie en sing voor hulle: Sim-bam-banie, mama-sijn kindje,—net of hij nog jong is en dan denk hij aan die ou dage en aan sijn o'erlê vrouw.

En met die denkerij het oom Jannie 'n plan gemaak.

Dit was voor jou 'n regte warme dag gewees. Die stof het dik gelê in die 47ste straat, en die son het gestee net of dit wil reën; maar dit reën daarom tog nog

nie. Die vliege het gepla om 'n mens kwaad te maak, en Mr. van der Wal, wat met s'n lege platkar en die ou vaal-ponie daarvoor deur die straat sukkel, sê: „soe!” en slaat met die sadoek naar die vliege, maar dit help hem net so min als die ponie, wat met sijn stompstêrtje waai. Die goed hou aan.

„Di's daarom 'n morsige ding 'n vlieg,” sê oom Jannie. Hij gê glad nie om nie, waar hij blij. Nou, sit hij op 'n kaffer en nou-nou weer op 'n witman. Sies! die goed is vuil.”

Nou moet julle weet, dat 'n hoender ook maar 'n snaakse gedierte is, en jij sijn natuur glad nie kan verstaan nie. Dit siet oom Jannie, net so's hij voor die huis van Mrs. Viljoen kom. Daar lê die drie ou goeters van haar amper middel in die straat onder die sand en slaap. Hulle koppe kom so'n ietsie uit, en was hulle geluk, anders het die ou vaal-ponie hulle dood getrap, maar oom Jannie siet net die kop van die één hoender roer.

Hij stop die ponie en slaan met sijn peits naar die goed, en hulle kekkel huistoe.

Op die o'neblik het Mrs. Viljoen voor die deur gestaan, en die ding gesien. Sij ken so'n bietje voor van de Wal, en sê:

„Ag die goed is daarom dom! Dankie tog, dat jij hulle weggejaag het.”

Oom Jannie staat nog stil en sê:

„Ja, Mrs. Viljoen, die goed is dom, maar partij mense is net sos die hoenders van jou, als hulle nie gejaag word nie, loop hulle ook maar tot hulle dood getrap word!”

„Sal Mr. van de Wal nie 'n ogenblikkie in kom nie.” vraag Mrs. Viljoen, „en 'n koppie koffie drink?”

Wel, oom Jannie is lief voor koffie en hij lei die ponie in die schaduw op die ope erf, naast-aan die huis.

Hij gaat toen sit op die stoel bij die deur, en veeg die sweet van sijn voorhoofd af. Die ou vrouw is in 'r kombuisie, en gooi koffie in.

Oom Jannie kijk die kamer so'n bietje rond. Die blaww-pampier het allerhande kleure gekrij deur die reen, maar

dit maak niks nie. Daar bokant die kombuis-deur hang die portret van die twee presidente, wat „shake-hands,” so's George sê. Aan die eene muur hang 'n portret van Mrs. Viljoen haar o'erlê pa, en daaronder 'n spiëltje van Maria. Aan weerskante hang 'n prentje van blomme. Op die één staat: „I am thy shepherd,” en op die ander: „Come to Me.” Aan die anderkantse muur hang twee prente in bruin rame, wat Mrs. Viljoen van 'n jood gekoop het. Hulle is gekleur en die ene stel voor 'n klompie koninge en koninginne met krone op hulle hoofde.

George sê, daar is die koning van Austria en die German Emperor en nog ander goeters met hulle vrouwe, maar die taal kan hij nie verstaan nie.

Op die ander prent staat 'n skip in die storm. Die see is hoog en die mas is gebreek, en die blits slaat op drie plekke in uit die bruin wolke en die mense spring in die water; jii kan sien hoe skreeuw hulle. Als Mrs. Viljoen die ding siet, dan sug sij en denk: „Ja, die see is 'n vreselike ding. Ons mense het daarom swaar gekrij, wat op die skip moes gerij het!”

Nee wat, jij sal voor haar nooit op die skip krij nie!

Maria het langs die een muur 'n „mantlepiece“ gekoop, en dit met mooi sijë goed so gemaak, dat jij nie meer die hout kan sien nie. Daarop staan allerhande klein dingetjes wat mooi lijk. Die ronde tafel in die middel van die kamer is gelaai met wasgoed, wat so-maar blink van wittigheid; en die stoele glim, want Mrs. Viljoen is 'n skone vrouw.

Oom Jannie kijk naar al die dinge en denk; en als Mrs. Viljoen hem die koffie gé, dan vraag hij: „hoe gaat dit met die dogter?” En Mrs. Viljoen vraag hoe gaat dit met Mr. van de Wal en die kinders? Dan gesels hul nog so 'n beetje en hulle vind uit, dat Mrs. Viljoen haar o'erlê pa sijn tweede vrouw 'n niggie was van Van de Wal sijn eigen o'erlê ma, en dat hulle van Oudtshoorn in die Kaap kom, en Mrs. Viljoen sê, dat hulle dan nog familie is. En Mr. van de Wal sê dat alle mense familie is, maar

dat hulle mekaar die lewe partij slage banje swaar maak.

Dan groet hulle met de hand, en sê: groetnis v'r die kinders.

Oom Jannie lei die ponie weer in die pad en sukkel huis-toe.

Dieselfde a'end sit Mr. van de Wal weer en denk. Die kinders van Annie huil. Annie is siekerig en „Gjert,“ wat in die „beerhall“ getos het met 'n paar maters, sit op die stoepie buitekant, met die bijbie en sing op 'n manier die Engelse song van: „I love you dearly you are my own,“ maar verder ken hij die ding nie, en dan begin hij maar weer dieselfde liedje van die begin af.

Oom Jannie denk: die kamer is morsig; die koppies en pierinkies is vuil, die vliege is dik op die broodkrui-mels en alles lijk vieslik.

Dit was daarom tog anders bij Mrs. Viljoen gewees Daar kan 'n mens maar loop kijk!

Oom Jannie staat op, vat sijn hoed en seg v'r Annie: „Mij kind, ik ga net so'n rukkje uit loop.

Hij stap „grave-jaard“ s'n kant toe, en loop so tussen die boompies en denk: nie o'er die dooije mense nie, maar o'er Mrs. Viljoen. Dit het hem al lang nie meer aangestaan bij die huis, want als hij thuis kom, is daar al-me-lewe iets wat verkeerd is. Hij wil rus hê, en Mrs. Viljoen is nog 'n flukse vrouw; hoekom sal hij dan nie 'n plan maak nie, en met haar trouw? Hulle kan 'mers saam net lekker lewe, want die dogter sal somaar gou trouw, en dan sal dit rustig wees.

Só denk oom Jannie.

Die a'end laat toen al die mense slaap, sit Mr. van de Wal bij die kêrs, en skrijfwe 'n brief.

Hij skrijf só:

Waarde Juffrouw,—

Ons het vandaag voor die eerste keer saam gesels en dit heef mij laat denk om u te vraag of dit nie beter sal wees voor ons om een plan te maak.

Uw dogter sal gou-gou trouw en ik ben om so te

seg ook maar 'n beetje alleenig op die wereld en daar gij nog fluks zijn, sal dit een goede plan wees. Wat zijn uwe gedachte hiervan? Laat mij toch spoedig weet.

Ik hoop, dat u sal deze ontvang in deselfde toestand, dat ik dit skrijf, in goede gezondheid.

Hiermede verblijf ik uw liefhebbende

JAN VAN DE WAL.

P.S.—Ik zend die brief door een seuntje. Privaat.

Die ander more, toen oom Jannie uitrij, geef hij 'n seuntje in die straat 'n „tiekie“, en wag op die hoek om te sien of die klein bog die ding reg krij. Toen die seuntje terug kom, sê hij, dat hij die brief aan Mrs. Viljoen haarself gegé het, en loop toen gou-gou China-man toe, om lekkers te koop, wat hij in die sak steek om aan sijn maats in die skool te wijs.

Mrs. Viljoen krijg die brief, maar die kind was té haastig om te sê, waar hij die ding vandaan breng, want die „tiekie“ het somaar in sijn hand rond gedans.

Sij vat die brief, in die huis in, en maak dit oop. Sij denk: ja, dit is weer van die „lawyer“, o'er die verband, en wil dit maar liever laat staan, tot die a'end, als Maria thuis kom.

Maar kijk, dit is snaaks! Die ding is geskrewe, en nie met die „typewriter“, so's die ander goeters. En sijn lees en lees weer.

Eers kijk sijn verwonderd, en toen lag sijn, en toen kijk sijn weer verwonderd, en denk.

Sij set die brief in haar bors en loop naar die klein spiëltje van Maria, en bekijk onrustig die paar haartjes wat op haar bo-lip groei, maar die was gelukkig maar min. Sij strijk haar voorskoot reg en begin met die wasgoed, en sijn sing so'n bietje in haar self.

Daar is altemet onder jullie, wat mij storietje hoor, wat sal sê: dié mal ou vrouw!

Laat ik voor julle sê: jul is glad verkeerd!

Mrs. Viljoen was 'n regtig goeie vrouw. Sy het alles

verloor, wat haar lief was : en die meeste wat haar seer maak was : dat sij die liefde van haar kind nie had nie. Sij seg dit nooit, maar sij voel dit.

Daar is van die geleerde mense, wat jou so haarfijn kan sê, wat is wat, en hoe dit staat met al die gevoelens van die mense; maar hierdie ou vrouw, kan jou nie sê wat haar seer maak, maar daar is daarom 'n banje sere plek in haar hart, en nou denk sij, sij sal altemit tog nog nie vinger-alleen o'erblij nie. Als sij dié ordentelike man trouw, dan kan hulle saam oud word, en als Maria getrouwd is, kan hulle twee oues nog plesier maak met die kleintjes van Maria.

Dieselfde a'end kom Maria thuis, banje moeg, so's sij sê, en gaat sit en eet.

Sij siet somaar, daar is 'n ding verkeerd met ma, want die ou vrouw lijk anders dan ander dage.

„Wat mekeer ma?“ vraag Maria met haar mond vol.

„Nee niks nie,“ antwoord die ou vrouw, maar Maria siet so-maar daar is iets verkeerd, toen sê sij :

„Ma, don't be silly, what's the matter? Ma lijk nes of sij plesierig is!“

„Maria,“ sê ma, „wanneer gaat jij en George trouw?“

Toen word die kind so-maar kwaad.

„Oh, you want to get of rid me, hê?“

En toen ma dit nie verstaat, seg Maria :

„Ik sal wel weggaan hoor. Als ma mij wil kwijt wees, ik is gewillig.“

En sij smijt die mes en vork op die bord, dat dit so kletter.

Die ou vrouw kan dit nie verdrage nie, want sij weet, Maria kan hâar nie beskuldig van gebrek aan liefde, en daarom ruk sij die brief uit en gê die aan Maria.

Maria kijk eers, wat dit beteken, maar toen sij die brief lees, begin sij te lag, te lag, dat sij amper van die stoel af val.

„The old fool“, sê sij, so tussen die lag in, „the silly old sot, die ou bos-apie. Mij mastig. dié lelike ou vuil-

goed, wat denk hij van hem! Maar dit is té mooi! Well I never! En ma denk nog daaro'er! Well I'm bles."

Toen Maria 'n beetje bedaar het, praat haar ma met haar o'er die ding, en perbeer om haar te laat verstaan, hoe-kom sij o'er George en Maria haar trouwerij gevraag het.

Maar Maria sè niks nie. Nie één woord kom meer o'er haar lippe nie en voor't sij loop slaap, skryf sij 'n korte briefie in Engels, wat sij in die sakkie van die „tiffin“ set. Sij sè nie, „nag ma“ nie, maar gaat só in die kamer en slaat die deur toe.

Mrs. Viljoen sit nog lang alleenig, en gaat naderhand ook lê, maar nie om te slaap nie.

Die ander môre is die begin van 'n treurige dag.

Die stof staan dik in die straat, en die mense lijk net so's boesmans van die vuillis. Maria is uitgerij so's al die ander oggende, maar sij het nie 'n woord gepraat nie, en Mrs. Viljoen is alleenig en voel nou ook banje alleenig.

Sij voel dat die kind dinge gaat doen, wat verkeerd is, en tog, sij kannie 'n ding doen, wat Maria nie lijk nie. Sij vat die ou Boek en perbeer om te lees en troos te soek, maar die letters is net so's swart lijne voor die oge; want daar is trane in die oge. So sit sij voor tien minute stil, en laat die hoofd in die hande rus.

Toen staat sij op en vat 'n velletje papier en begin en skryf aan 'n brief.

Sij sè voor Mr. van de Wal, dat dit beter sal wees maar nie daarop in te gaan nie, want altemet sal dit die rus verstoer, en twis maak onder die kinders. Sij is daarom blij dat Mr. van de Wal so banje van haar denk, en sij hoop dit sal tog nie die vriendskap afbreek nie.

Sij sluit die brief in 'n komfert en skryf die adres met 'n sug en 'n bange hart.

Die dogtertje van Mrs. Rademeyer wat naas aan haar woon, gaat skool toe, en sij geef die kind die brief, bedui haar die adres en geef haar 'n paar koekies.

IV.

Dieselfde a'end is Mrs. Rademeyer kort van vuurhoutjes. Sij is altijd kort van alles, en Mrs. Viljoen is al-me-lewe klaar om te help.

Mrs. Rademeyer denk dan ook nou weer: sij sal maar 'n bietje so'heentoe gaan; maar sij is banje verwonderd, want dit is alles donker bij tante Annie haar huis. Sij roep voor die deur: „is jij binnekant, tante Annie?” Maar sij krij g'n antwoord nie.

Sij loop agterkant die huis om, maar in die kombuisie is dit ook donker, en sij weet tog, dat dáár in die a'end al-me-lewe die stoof brand voor Maria haar dinner.

Daar moet iets verkeerd wees, dag sij, maar hoe sal sij dit uitvinde?

Net so's sij weer in die straat kom, is daar 'n man met 'n plat-kar en 'n klein lantern in die hand voor die Polies, want dit was al „after hours” gewees.

Mrs. Rademeyer gaat ook somaar naar hem-toe en seg: „Ou vrind, sal jij dan nie 'n beetje 'n „boksie” vuurhoutjes voor mij gé, of jou lantern leen nie?—Daar is iets verkeerd in dié huis.”

Dit was oom Jannie s'n plan gewees, om gou-gou die huis te passeer, want hij het die briefie ontvang; maar besigheid het hem daarlangs gebreng.

Hij geef die vrouw die „boksie” vuurhoutjes en wag. Sij stap binne-kant en skreeuw dit hard uit toen sij 'n vuurhoutje aan strijk.

Oom Jannie set die lantern op die plat-kar neer, en gaat toen ook in die huis. Hij vat die vuurhoutjes van die vrouw, wat toen weer naar buiten toe kom, en maak weer lig.

Op die grond lê Mrs. Viljoen.

Hulle steek die lamp aan en perbeer haar te help; maar dit is te laat! Same set hulle die ou vrouw op die bed, en Mrs. Rademeyer loop gou naar die apteek voor 'n dokter.

Oom Jannie sit op die stoel van Mrs. Viljoen en krij op die tafel 'n briefie, wat hij lees.

Dit was van Maria:

„Mother, I know you wanted to get rid of me, and so I am going to get married to George to-morrow. I am not coming back again; (en dan) Ma kan nou mar die lelike ou bosapie trouw en ik hoop jullie sal baje gelukkig wees.

MARIA.”

Oom Jannie vat die briefie en skeur dit stukkend en steek die pampiertjies in sijn sak.

Wat het ander mense daarmee te doen?

Hij krij uit die kombuis 'n kêrs en gaat in die kamer, waar die ou vrouw rus; hij vat haar kouë hand en soen haar op die voorhoof. Toen hij terug kom veeg hij sijn oge af en wag.

Mrs. Rademeyer kom terug met nog ander vrouwens, en oom Jannie gaat toen huis-toe.

Die begrafenis was 'n dag later en toen die ouderling klaar gepraat het, en al die mense weg was, leg Van de Wal op die graf 'n houtse kruisie neer, wat hij self gesnij het, met witte rose, en gaat huis-toe met 'n swaar hart.

Die mense seg, dat hij banje stil was na die dood van Mrs. Viljoen, maar hulle weet nie hoe-kom nie.

V.

Die Johannesburg s'n „semeterie” is 'n banje mooi plek; als jij nie denk om al die duisende wat dáar rus, dan is dit een van die mooiste plekke van die stad. Als die son so skijn en van die groot plekke skaduw op die paaie maak, en die vo'eltjies sing in die bome, dan kan 'n mens amper denk, dat hij nie meer in die nare Johannesburg blij nie.

Dit is nou 'n jaar gelede, dat ik op 'n Sondag môre vroeg, net 'n half uurtje na't die hekke oop gegaan het,

op die „grave-jaard” gekom het. Dit was ook 'n mooie dag gewees. Glad nie wind nie, en daarom ook g'n stof nie. Die bloeme het fris gelijk, met allerhande kleure en die gras was groen van al die water wat die koelies gesproei het. Op die paaie lig nog lange strepe skaduw want die son was nog nie hoog nie. Die voëltjies het gesing, nes of hulle vrolik is o'er die stilte van die môre en die eensaamheid. Hulle denk 'n mens maak altijd die goeie sleg en wáar hij ook kom, dáar is die vrede uit.

Altemet is hulle reg!

Ik loop so'n beetje langs die paaie, en lees van die graf-skrifte van alle nasies wat daar rus; ik kijk in die grote diepe kuile, wat wag voor meer bewoners en denk, dat dit ook eenmaal mij plek sal wees.

Dit is goed voor 'n mens om partijkeer dáar te gaan. Daar is banje mense wat al-me-lewe gesels o'er die heerlike land daarbo, maar hulle lijk voor mij te bang om in 'n grafkuil te kijk.

Dit is 'mers die énige pad naar dié land!

Die kerkhof is verdeel in parte; daar is die engelse kerk, die roomse kerk, die gereformeerde kerk en ál die andere kerke het ook hulle plekke daar.

Ik wonder al weer, watter is nou die regte plek!

Op dié Sondag môre loop ik so en kijk naar die plekke waar die grafstene maar min is. Jij krij daar die grafte, grote en kleine in lange rje, net met 'n houtje en 'n nommer daarop en met lege blikkies en kommetjes en vasies, wat arme mense daar gebreng het, o'er 't hulle niks beter het om te geef. Ik sta so'n bietje aan die een kant agter die heining, en daar siet ik 'n jonge vrouw in 'n mooie vaal rok aankom.

Sij het 'n ding om haar nek, gemaak van vo'elstruis-vere, en 'n hoedje op met 'n klein vo'eltje met 'n lange bek daarop. In haar één hand draag sij 'n bos wit rose, en haastig stap sij aan op haar skoene met hóge polfije.

Haar gesig kan ik nie sien nie. In haar ander hand het sij 'n papiertje, en sij kijk daarop en seek op die

nommers of sij reg is, en stap langs die grafte met die rug naar mijn kant toe.

Dáar dig onder die heining, krijg sij die graf waar sij naar soek. Daarop lê 'n houte kruisie, maar die blomme is lang al verdroog. Maar op die onderend lê 'n paar verse anjeliere.

Skrikkerig kijk sij rond en lê die bos witte rose op die bo-end van die graf, en maak of sij wil weg stap. Weer kijk sij rond, en nou sie ik haar gesig.

Dit was Maria. Maar altemit was die naam Magdalena beter voor haar gewees! Haar wange is bleek, haar vingers ma'er, en haar oge het nie lig nie.

Ik sie sij bewe op haar voete,—en metéens skreeuw sij dit uit:

„My poor mother, ik het jou dood gemaak!”

En toen val sij plat voor'er op die graf, en snik so luid en haar lijf ruk so, dat ik denk ik sal haar moet help.

Toen stap ik ook somaar naar die plek toe. Maar vóór ik daar kom, stap daar 'n ouë man langs die heining en was al bij die vrouw.

Sijn hare is amper grijs. Sijn ronde baardje is amper wit, en ook die dikke hare wat bo-kant zijn oge groei. Hij buig sig o'er die jonge vrouw. En ik vat van een van die grafte 'n blikkie en spoel dit uit bij die waterkraan, en breng dit met water bij hem.

Ons lawe die bewustelose vrouw en na 'n rukkie maak sij die oge oop.

Al die tijd het die ou man nie 'n woord met mij gepraat nie, maar toen die vrouw weer die oge oop maak en begin te snik, vat hij haar als 'n kind om die hals en sê voor mij:

„Meneer, ik dank jou voor die hulp, jij kan haar nou maar aan mij o'erlaat. Sij is van mij famielje!”

Ik stap toen ook so-maar weg, sonder om te kijk, tussen die rye grafte en ope kuile, en denk aan al die swaar wat daar op die wereld is, en al die verdriet wat mense voor mekaar maak, maar ook aan die enkele gouë harte, wat nog 'n bietje 'n mens die slegtigheid laat vergeet.

VI.

So omtrent 'n mijl of tien buitekant Johannesburg staat 'n kleine steenhuisie langs die pad. Daar is 'n ordentelike stukkie grond bij met 'n paar stalle voor 'n koei en 'n pêrd.

Die grond om die huis is goed en die water ordentelik, en oom Jannie werk nog hard om dit alles te verbeter. Hij word nou 'n bietje stijf maar hij sê, hij sal nog 'n rukkie moet hou!

Als ik met die kar daar langs kom, klim ik af voor 'n rukkie en drink koffie, want anders is die ou beledig. Ons gesels dan o'er sprinkhane en klauw-seer en politiek. Met die jonge vrouw wat sij huishoudster is, praat ik o'er die tijd, dat sij nog in die skool was en die swaar somme wat sij moes maak en o'er al die grappies wat ons toen gehad het.

Maar o'er die tijd wat dáaragter lê, praat ons nooit.

En als oom Jannie met mij naar die kar toe stap, en ik is ingeklim en ons het gegroet, seg hij partij-keer:

„Meneer, die kind het nou net die natuur van haar o'erlé ma.” En dan stap hij weer huis-toe, en ik sit en denk.

EEN AVONDSCHOOL.

In zijn kamertje, het hoofd rustende in de handen, zat de meester.

Hij keek dromerig door de kleine vensterruiten naar de treurende wilgen rondom de dam, waarin een paar eenden zo nu en dan de kop onder water staken, om vervolgens met luid gesnater en wiekgeklap 't schuim op dat kleine waterplasje te voorschijn te brengen.

Op de damwal zat Koos, een leerling, met de hakken tegen de klippen schoppend, voor zich uit te turen en waarschijnlijk peinzend over de manier waarop hij heden avond de meester zou bedotten, omdat hij z'n vragen niet kende.

Hij gooide met kleine steentjes naar de prosessie eenden die waggelende 't geluk der anderen in het water kwamen delen.

Vlak bij de dam was een grote bloedvlek en 'n weinig verderop de huid van een os met pennen uitgespannen. De eksekusie van dat beest had vanmorgen de meester een schrik op 't lijf gejaagd.

De oude boer had de vorige avond een zeer fantasties verhaal gedaan over een kafferaanval, en had het bloedig toneel beschreven in al z'n akeligheid. De meester had de assegaaien zien vliegen en in z'n verbeelding de schoten der ouwe voorladers gehoord.

Juist tegen de morgen had hij die ganse geschiedenis nog eens herdroomd; hij zag 'n oude boer tussen de bijelkaar geschoven wagens zich heendringen, zich bukken achter de takkebossen, aanleggen en toen 't schot.

Daarvan was hij wakker geworden. 't Was al lang licht en buiten hoorde hij verwarde stemmen. Half slapend

trok hij 't gordijn op en zag, dat zijn droom niet geheel droom geweest was. Rondom het nog stuiptrekkende lichaam van een os stonden enige kaffers.

Over zijn hals gebogen, het bloedige mes nog in zijn hand, stond Gjert, de bijwoner, en Louw, de oudste zoon, met een kort geweer onder de arm, gaf enige orders. De donkere bloedstroom uit de nek van 't dier deed de meester rillen en de gehele dag kon hij dat toneel niet uit zijn gedachten krijgen.

Nu dacht hij echter over iets anders, als men 't herleven van 't verledene tenminste denken noemen kan. Nog niet lang in de Transvaal zijnde had hij wel eens buien van (heimwee wilde hij 't niet noemen), doch 't was iets dat er zeer nabij kwam.

't Was intussen schemerdonker geworden en hij had niet opgemerkt, dat Koos, van zijn zitplek was opgestaan en zijn kamer was genaderd, 't Zachte kloppen op de deur deed hem opschrikken en op zijn: „kom in,” stak Koos 't hoofd om de deur en vroeg „het ons nog aantschool, meester?”

Koos wist zeer goed, dat 't gewoonlijk driemaal per week avondschool was, doch de stille hoop, om vrij van zijn vragen te komen, spoorde hem aan eens te horen of daar niet een „kans” voor was. Een kort „ja” deed hem teleurgesteld afdruipeu.

De avondschool op de plaats Kalkfontein, was 'n toegift. De oude boer n.l. had gemeend, dat er in school wel wat min aan godsdienst gedaan werd, en 't half uur door de wet toegestaan voor Bijbel-geschiedenis niet voldoende geacht. De meester had toegestemd een keer of drie per week nog een uurtje met die kinders te „katekezeer,” zich voorbehoudende vrij te nemen als hij dit wilde.

Van dat vrij nemen kwam echter zeer zelden iets, en dus was de vraag van Koos ook heden avond tamelijk overbodig. De meester keek op zijn horloge en zag dat 't bijna tijd was.

Hij trad de naast-liggende kamer binnen en tastte in 't

donker naar 't metalen voorwerp, dat op de tafel stond. 't Was eigenlijk geen tafel, doch een plank op schragen rustende. 't Voorwerp dat hij zocht was een bel, eenmaal 't versiersel van een os, tans dienende om de jeugd bijeen te roepen tot kennisse en deugd.

Op 't doffe gelui verscheen eindelijk één leerling. 't Was Andries van Vuren. Andries was niet meer een schoolkind in de eigelijke zin des woords. Hij was twee-entwintig jaar, snoeide al zijn baard en rookte als Tante niet in de buurt was.

Andries mocht net zomin als Piet en Koos vóór de oude vrouw roken. Wat er achter haar gebeurde, daar bekommerde zij zich niet om.

De meester had meer dan eens de oude vrouw aan het verstand trachten te brengen, hoe onzedelik zulk een verbod was, en hoe het medewerkte om van de jongens huichelaars te maken, doch het scheen alsof tante dat niet inzag.

Andries kwam binnen, schraapte zijn keel als naar gewoonte, en zei „na'ent, meester.”

„Waar zijn de anderen, Andries?”

„Hulle kom,” was 't korte antwoord, en Andries zuchtte.

„Wel, wat scheelt er aan, Andries?”

„Ne, (hij was gewoon al zijn zinnen daarmede te beginnen) net meester, die godsdien is daarom zwaar.”

„Hoe zo?”

Ja, zien meester, ik leer nou al twee jaar in die „Kort Begrip” en ik ken hem nog nie. Ik weet net, dat die mens in zonde ontvangen en geboren is en daar steek ik al mij leve vast.

Andries zochtte weer. Men denke niet, dat 't de heilbegerige ziel van Andries was, die zo diep adem haalde.

't Was zijn oude Adam, die 't betreurde, dat hij niet met recht kon gaan vrijen voor hij „aangeneem” was. Hoe zou 'n onaangezomen mens ook durven denken aan vrijen, laat staan trouwen? En Andries had bijzondere begrippen omtrent de liefde.

Een paar weken geleden had hij op 'n avond aan de kamerdeur van de meester geklopt en, op diens „binnen,” verzocht om 'n pijp „twak.”

Daar de meester niet spijtig was enige afleiding te hebben, had hij Andries zijn pijp laten vullen en hem een koffer als zitplaats aangeboden, hem tevens vermanende de grond niet te bevuilen, (een zwak van Andries als hij rookte.)

Na enige grote halen uit zijn pijp was Andries na 't gewone geschraap begonnen.

„Meester.”

„Ja?”

„Hoekom gaat die meester dan nooit noojes toe?”

De meester voelde zich in 'n humeur om de opinie van Andries te vernemen en zei: „Ja jong, maar dit gaat 'n bietje zwaar.”

„Zwaar?” hernam Andries verachtelijk, „die meester het tog 'n gave pèrd en jij is 'mers aangeneem,” ('t toppunt van geluk in Andries' ogen.)

En wat zou dat dan?

Wel meester klim op die pèrd en hij rij zo na toe.

Waar na toe?

Zo mar enige nooi.

En dan?

Wel, dan vraag jij of zij jou wil hê?

Ja, en als zij dan „ja” zegt?

Ne wat, zei Andries nadrukkelijk. Zij zal 'mers nooit nie.

Maar waarom nie?

„Och” zei Andries en hij wilde juist kracht bij zetten door eens op de grond te spuwen, hulle is 'mers zo, hulle se mers nooit somar „ja”.

De meester genoot.

Maar zei hij, als ze me nu eens zo graag wil hê, dat zij dadelik „ja” zegt.

Andries wilde het eerste als een onmogelijkheid van de hand wijzen, doch toen de meester aanhield met zulks als mogelijk te beschouwen, was Andries van z'n stuk.

Eindelijk na lang nadenken begon hij.

Ja zien meester als zij dan ja sé, dan sé die meester: ik sal sien of ik ook ver jou wil hé.

De meester brulde van 't lachen en z'n leerling toog enigszins boos weg.

Toen Andries de vezuchting over de zwaarheid van de godsdienst geslaakt had, ging hij opstaan en schreeuwde uit al z'n macht in de deur: „Piet, Koos, Sofie julle moet kom!”

Het school lokaal was een vierkante kamer met een deur rechts, die overdag altijd open stond, en een klein venster links. Tans walmden op de tafel drie vetkaarsen in bottels en zaten er acht leerlingen om de tafel.

Juist wilde de meester beginnen, toen Malkop, de kleine Boesman met de stoel der oude tante binnen stormde gevolgd door de oude vrouw, die na met veel deliberasie plaats genomen te hebben, haar rode zakdoek een paar malen langs haar neus haalde, haar bril op zette en zeide: „Nou kan jij maar laat vat, meester.”

Ondertussen had Piet, de oudste leerling de opmerkzaamheid van de onderwijzer getrokken door verschrikkelijk hard te hoesten, en toen hij zag, dat de meester naar hem keek, wees hij op z'n zuster Sofie, toen op zichzelf en daarna op 't „Kort Begrip,” keek hem strak aan en schudde bedenkelijk het hoofd.

Dit betekende, dat er heden avond dus niet veel te verwachten was van de dogmatiek, en de weester besloot dus maar iets van de Bijbelse geschiedenis te vragen.

Beginnende bij Sofie, die een flinke meid was, kwam hij langs Piet bij Koos.

„Koos!” Koos zat te knikkebollen.

„Hij vang vis, meester,” zij Andries grinnekend. Nog niet genoeg ingewijd zijnde in die beeldspraak, vroeg de meester wat hij meende.

Wel zei Andries, as 'n mens vis vang, maak jou dobber 'mers net zo's Koos s'n kop. Dit kon hij niet tegen spreken en de oude tante zei, dat Andries die een aangenomen kind genoemd werd, „toch al te snaaks was.”

Koos was intussen wakker gemaakt, en toen moest hij de tien plagen van Egypte opzeggen, doch maakte de klas weer aan 't lachen, door bij de eerste plaag te zeggen: „Sprinkhanen en wilde honig.” Daarna ging hij weer „vis vangen,”

Eindelijk kwam de beurt aan Andries, die al had zitten zweten in afwachting van de zware taak.

„En nu jij Andries.”

„Ikke meester?” Andries schraapte z'n keel weer en keek hem aan met een blik die zeide: Maak 't toch als je blief niet te erg.

Vertel jij ons eens de geschiedenis van Izak's Offerande.

Andries schraapte weer en begon. De geheele klas was aandacht, behalve Koos, die door geen stompen kon wakker blijven.

Andries begon dan:

„Abram het berig gekrij, dat hij ver Izak moet offer?”

Goed en waarom?

„Om te laat zien dat hij rechtig 'n goei man was?”

Ja en toen?

„Toe vat hij 'n klompie kaffers en drie donkies en sê, hulle moet die ander môrre so'n toe gaan.”

Waar naar toe?

„Naar die koppie.”

Welke naam?

„Die weet ik nie, maar dit was amper zo's Maria.”

Op enkele gezichten kwam al reeds een glimlach, doch daar tante zeer ernstig keek, durfde niemand zich te laten hooren.

En vroeg de meester, had Abraham iets hiervan aan Sara verteld?

„Nee wat”, zei Andries verontwaardigd, „sij sou mers geraas het.”

Toen kreeg de meester ook zwaar, doch vroeg:

En toen?

„Toe het Abraham met Izak so'na toe geloop, en Izak het die hout gedraag.”

Ja en ?

„En toe hulle so'n rukkie geloop het, sé Izak : pa..... Dit was te veel. De oude tante, op wie aller oogen gevestigd waren, begon het eerste en daarna allen met een hevige lachbui. Andries in z'n onnozelheid niet wettende, wat hij gezegd had en dat hij erg komies geweest was, werd boos en liep de school út.

Natuurlik was er geen sprake van voortgaan, daar het onmogelik zou geweest zijn, de ernst te herstellen.

Sij gingen eten, Andries was „geloop slaap.” Die kinders eet en lag. De oude vrouw tracht weer ernstig te kijk en oom Jannie vertel dat twee van z'n beste voorossen klouwzeer het.

„Almaal het klaar geëet en gaan naar die voorkamer waar die orgel staan. Die oude vrouw vraag ver „de meester” om te speel : „die derde vers,” nie die „eerste” nie, van die 25ste psalm.

Nou nog een bietje : „Uren dagen....” en dan sluit hij die orgel.

„Na'ent oom Jam ! Na'ent Tante Na'ant allemaal.

„Na'ent, meester !

DIE KO'EL.

'n Skets uit die oorlog.

Die groot wit wa' van die ambulanstrein was los gemaak, en so'n klein distansie weggerij van die ander wâens. Die groot loopplank was uitgeset, en die helpers bring pasjente binne, banje voorzigtig, net so's of hulle kindertjes draag, want die wat in *die* wa kom, is banje ziek of banje zwaar gewond. Die beddens blink van wittigheid en die verpleegsters werk hard, om elkeen te help en te verzorg, dat hul lekker lê agter al die zwaar, wat hul doorgemaak 't.

Die een steun en die ander lê doodstil en nog 'n ander sing in hulle ijlkoors 'n liedje, wat g'n mens kan verstaan nie. Die wâ is koel, maar ons sweet van die werk en die moeite wat ons het met die arme mense. Daar is partij wat nie die termometer in hul mond wil set, en sê dat die verpleegster mal is, wat 't wil doen; daar is ander wat deur twee man moet vastgehou word, want hulle wil uit die bed spring en weghol.

Ik is hard besig om 'n jong seun te bedui, dat hij nie voor die nooiens bang moet wees nie, en dat ons hem goed sal oppas. Die arme kind het 'n ko'el deur zijn onderkaak en kan amper nie praat nie. Hij 't 'n hoge koors, en was 't nie dat hij vroe'er bij mij in die klas gesit 't, hij sou nie geluister 't nie. Met mooie praatjes maak ik hem tevrede en hij wil nou maar liever slaap, als ik beloof dat hij net door mij alleen opgepas sal word. Ik hou sijn hand vast en luister naar sijn asem. Dit was mooi stil en sag. Op eens hoor ik 'n swaar gestamp op pie plank, en wou net kwaad word. Ik kijk om, en dâar

kom 'n klein ou kereltje, met banje sware sugte, in die wâ. Hij was so omtrent 50 jaar en aangetrek so's 'n man wat op kommando is. Hij het 'n banje morsige gesig en sijn klein baardje is vuil. Dâar staat die ou nou in die middel van die groot wâ. Hij kijk eers 'n beetje rond, vat toen die stoeltje wat die verpleegsters gebruik, gaat daarop sit, neem sijn kort mauser tussen sijn bene en sug nog 'n slag banje swaar. Ik sta op, gaat naar die ou-baas toe, en vraag wat dit met hem is.

„Dokter”, sê hij, „ik is swaar gewond”

En toen haal hij uit zijn zak 'n briefie van die dokter van die Modderspruit hospitaal, waarin staat: „Amice, als je een plekje voor deze arme sukkel kan vinden, neem hem dan mee. Zijn kommandant zendt hem hierheen als gewond, maar ik geloof dat het niets ernstigs is, tenminste, wat ik ervan gesien heb betekend niets. Ik heb 't erg druk. Kijk zelf maar eens. Groetend,” enz.

Toen ik klaar geles 't vraag ik sijn naam. Die is Petrus Johannes Andreas Labuschagne

„Gé nou maar eers die roer en jou patrone,” sê ik v'r oom Petrus. Oom Petrus vat, (banje fluks voor 'n swaar gewonde man), die roer van die grond op, druk dit teen sijn borst vast en sê:

„Nee, nee, dokter, die roer kan ik nie afgé nie. Die krijg jij nie van mij nie! Mij patrone kan jij vat, maar mij roer sal ik nie gé nie. Ik kan nooit somaar-so mij wapen afgé nie!

„Wel,” sê ik toen, „kijk oom Petrus, als jij nie jou roer wil afgé nie, kan ik jou op hierdie trein nie saam neem nie. Ik is jammer v'r jou, maar ik mag nie.”

Toen kijk die ou naar mij nes of hij wil sê: Kul jij mij nou, of hoe is 't? Maar toen hij siet ik meen dit, sê hij:

„Kijk, dokter, als ik die roer terugkrij kan u hem vat, maar jij sal mij 'n sekuriteit moet gé; gé mij nou net so'n klein briefie, dat jij die roer gevat 't.”

Mijn tijd was op die ogenblik te kostbaar, en ik roep

ook somaar een van die helpers en laat hem die roer en die patrone wegneem. Oom Petrus word toe 'n bietje kwaad en sê, dat hij denk, dat 't 'n snaakse manier is om met 'n witman te werk, en hij sou.....Toen sê ik:

„Kijk oom Petrus, hierdie seun is banje siek en jii moet slil blij, anders.....”

„Maar die roer,” sê die ou, „waar is 't?”

Die jong seun was intussen in die slaap geraak en ik ga naar die ou-baas toe, en vraag wat hem nou eielik mankeer. Oom Petrus het gesien dis verniet om langer o'er die saak te praat, en hij sug diep.

„Ja, kijk,” sê hij, „laat ik nou mooi v'r dokter vertel,” en hij gaat toen lekker sit op die kant van één van die bedde. Juis op dié ogenblik kom daar weer 'n wâ vol swaar gewonde mense aan. Ik sê toen:

„Oom moet tog 'n beetje gou maak, want daar is weer swaar gewonde mense en ik moet daar bij wees so gou als die wâ hier is.”

„Ja,” sê oom Petrus, „so gaat 't, mijn bloed het gevloei.....”

Toen stop ik die ou en sê:

„Maar wâar is dan die wond?”

Hij wijs op sijn rug, net tussen die skou'ers met die één hand en met die ander op sijn hart.

„Kijk,” sê hij, „die ko'el is hier agterkant in, en hier uit!”

„Ik kon op die o'enblik nie help om 'n beetje te lag nie.

„Maar oom Petrus,” sê ik, „dan was jij op die plek mors-dood gewees.”

„Wat,” antwoord die ou, „ik wâs ook morsdood, maar, sie jij ik 't weer 'n bietje reg gekom!”

Ik sie buitekant begin hulle toen af te laai, en sê:

„Kom, trek jou klere uit, laat ik sien wat 't is.” Toen spring die ou somaar op, en skreeuw:

„Dit sal ik nog nooit doen nie! Denk jij dokter, ik sal mij hier somaar voor die vroumense gaan uittrek? Ik is 'n getrouwde man en.....”Op die draagbaar kom juis

'n gewonde man binne, en ik roep een van die helpsters en sê. „Breng hierdie ou vrand in mij wâ,” en aan oom Petrus: „gaat maar saam, ik sal netnou kom kijk.”

„Moet ik dan nie in hierdie wâ lê nie?” vraag hij.

„Dit is nie nodig nie.”

„En mijn roer?”

„Dit sal wel reg kom.”

Dáar stap die ou toen weg, maar opeens draai hij sig weer om en vraag:

„Is hier nie 'n kans v'r koffie nie?”

Toen word ik 'n beetje boos en sê 'n paar woorde, wat altemit nie goed was nie, maar dit het daarom gehelp. Die ou oom is somaar op die plek weg.

Langzaam wordt die hospitaal wâ vol. Elkeen weet sijn werk en doet sijn best.

Ik wil nou nie 'n treurige storie vertel nie, maar als daar altemit iemand is, wat sê, (en daar is almelewe van die mense) dat ál die swaar maar praatjes is, stuur dié naar mij toe, en ik sal hem trane laat hui! Maar dit is nou nie mijn plan nie! Toen alles klaar was, die name opgeskrijf, en die koors opgeneem, en elkeen rustig lê toen gaan kijk ik naar mijn oom.

Hij lê op die naad van sijn rug op mijn slaapplek, die koffie wal hul hem gegé 't is uitgedrink en hij snork dat die wâ so dreun.

„Oom Petrus! Oom Petrus!” roep ik net so hard als ik kan skreeuw.

„Ja-a-a,” sê die op die end, en wrijf sijn oge.

„Kom,” sê ik, „ons is nou hier alleen, laat ik nou sien, wat dit is met jou wond.”

Oom Petrus staat op, voel of die deur wel regtig toegemaak is en skuif die klein gordijntjes stijf toe, en begin toen uit te trek. Op sijn rug het hij 'n klein wondje in die vlees, en daar is 'n beetje bloed in sijn kleere, wat hij mij wijs.

„Sê jii nou, dokter, hoe ik gewond is? Kijk die bloed! Dáar is die ko'el in, en hier, (hij wijs net onder sijn hart)

hier is hij uit.—Of", sê hij weer, terwyl hij nadenk, „altemit is hij nog binnekant!

„Daar was g'n twiifel of hij het die wond op sijn rug deur 'n skrampskot gekrij, of deur 'n stuk van 'n bom of soiets.

„Hoe het jij die wond gekrij, oom Petrus?"

„Watter dag is 't nou?" vraag hij mij eerst.

„Dit is vandaag Dinsdag."

„Dan is 't vandaag net 'n week dat ik gekwes is," sê hij. „Die vijand"—so vertel hij toen verder—„het ons geskiet met bomme en kartetse en lidiet en skraapnelle; die ko'els het somaar rond en bont gevlieg toen ons posisie gevat 't. Ik wou net skuilplek soek, toe kom daar 'n bom en bars somaar reg op mijn kop en ik lê op mijn rug en denk ik is nou mors-dood! Toe 't ik weer bijkom is ik in die ambelanswâ en hulle breng mij hospitaal-toe. Die dokter sê dit beteken niks nie, maar ik weet wat ik voel! Die bloed het somaar gestroom!"

En die ou steek sijn vingers reg onder mijn neus, om te laat sien hoe die bloed gestroom 't. Op die bors het die ou 'n klein geswel, maar ik kan nie uitmaak waar hij dit gekrij 't nie. Daar dig bij is 'n skram, maar verder niks.

Ik maak toen die oubaas sijn rug skoon, lê daar iets op, om hem tevrede te maak en ook 'n klein pleistertje op sijn borst.

Opeens hou oom Petrus mij hand vast en roep:

„Wag-'n beetje, wag-'n beetje! hier is hij!"

„Wie?" vraag ik.

„Wel, die ko'el kijk tog 'n beetje, dokter, hier is hij, hier onder die skram voel ik 'm. Hij wou eers bove uitgekome 't maar nou is hij hier geblij en vastgesteek."

Toen kon ik weer nie help om te lag nie, want oom Petrus het daar op die plek 'n kleine kliergeswel, wat niks beteken nie, en hij denk dit is die ko'el. Ik sê dit aan hem, maar toen word hij regtig kwaad, en sê:

„Kijk, dokter, jij mag altemit banje slim wees, maar die ko'el is hier, ik voel 'm 'mers!"

„Goed,” sê ik toen „laat dan maar staan, en kom maar saam.”

„Wat gaat jii maak, dokter?” vraag oom, „gaat jii 'm uitsnij?”

„Nee oom, hier op die trein snij ons nie, dit doen hulle in die hospitaal in Bloemfontein; maar bij jou is buitendien niks uit te snij nie.”

„Maar sal ik dan nie bloedvergiftiging krij nie?”

„Wel nee oom, kom nou maar saam, ik het nie meer tijd nie.”

Ik bring hem toen naar 'n andere wâ toe, waar hij met twee ander lig gewonde moes saam blijf. Hij vertel sijn storie aan sijn maats so gou as ik weg is, en hij sê, hij denk hier op die trein het hulle g'n goeie dokters nie. Hulle kan nie eens 'n ko'el voel nie, wat jii met jou vingers kan vast vat!

Die anderdag more vraag ik hoe dit gaat, en hij klaag o'er die ko'el, wat hem so seer maak. Ik lag, en die ou kijk mij nou regtig kwaad aan.

Die more daarna is ons in Bloemfontein en die swaar gewonde en siek mense word banje voorsigtig uitgedraag, en naar die hospitaal gebreng. Die lig gewonde mense gaan huis toe en krij van mij 'n briefie saam om te wijs bij hulle huis, dat hulle nie „so-maar-so” van die kommando weggeloop is nie. Ik sê aan oom Petrus, hij moet ook kom, dan sal ik hem die bewijs gé.

Toen vraag die ou mij of ik denk, dat hij mal is? Hij wou eerst die ko'el laat uitsnij deur die dokter van die hospitaal, wat (en dit sê hij met 'n spottende gesig) altemit 'n ko'el sal ken als hij hom voel.

Ik sê: „allright,” en denk verder nie meer o'er die koppige ou man nie,

Op die trein is alles weer druk besig om sake agter mekaar te maak voor ons vertrek naar die oorlogsterrein. Die verpleegsters maak die bedde in orde, en skoon goed word klaar gelê, nieuwe koorts-kaarte opgehang. Die manne maak skoon en kijk draagbare en alles na, wat tot hulle

werk behoer. More vroeg moet ons weer trek, want twee dage het ons al versuim om te wag op orders van Pretoria. Die is pas gekom en in die middag stap ik nog ewe naar die hospitaal toe, om te sien hoe dit met die arme mense gaat.

Op die groot waranda zit 'n klompie mense en rook. Die een het 'n verband om sijn hoofd en die ander het die arm in 'n doek, en so gaat dit aan. Net so's ik wou binne stap, roep één van hulle mij en sê:

„Dokter kom 'n beetje hierso!”

Daar sit oom Petrus. Uit sijn sak haal hij 'n sakdoek en met sijn tande maak hij die knoop los, wat daarin is, en daar rol op die grond 'n stukkie van 'n mauser-ko'el. Hij til dit haastig op en wijs 't voor mij.

„Sie jij nou, dokter, ik het 'mers gesê, die ko'el was daar en hier is hij nou!”

Ik 't maar 'n beetje snaaks gevoel toen die ou daar voor mij staat en mij die ding wijs. Was ik dan blind of was 't tog dat ik 'n fout gemaakt 't?

„Maar,” sê ik, „waar krij jij die ding, oom?”

„Hierso,” sê hij, en wijs op sijn hart, „uitgesnij van more’, ik 't 'mers gesê, dokter, maar jij wou nie luister nie.”

„Maar,” sê ik „het di Engelse jou dan met 'n mauser geskiet?”

Oom Petrus denk 'n ogenblik na, maar hij sê toen:

„Dit weet ik nie, maar daar het jij 't..... altemit was 't een van mijn maats.....”

Ik sê toen verder niks nie en stap die hospitaal binne. Die dokter was daar en ik ga ook maar reguit naar hem toe, en sonder sijn: “Wie gehts?” te beantwoord, vraag ik:

„Kijk, dokter, jij kon 'mers nie 'n ko'el uit Labuschagne s'n bors gesnij 't nie, daar was nooit so'n ding in nie?”

Daar begin hij te lag, dat ik eers nie geweet 't nie, of hij mij kul, of dat ik altemit mijself banje swak gedra 't. Na so'n rukkie sê hij:

„Kom saam!”

In die snij kamer wijs hij mij 'n boksie met stukkies lood. Kleine en grote stukkies van ko'els.

„Kijk,” sê hij, „die goed kom ons banje maal goed tepas. In hierdie geval ook weer. Als ik die ou die waarheid gesê had, sou hij mij dagelang gepla 't, nou is hij 'mers tevrede.”

„O!” sê ik, „is dit die ding? Nou versta ik dit!”

„Ja,” sê die dokter, „hij het banje sleg van jou gepraat. Hij seg, jij is nie 'n regtige dokter nie!”

Toen lag ons twee saam daaro'er en ik neem afskeid.

Oom Petrus had op die stoep voor mij gewag en kom naar mij toe.

„Kijk,” sê hij, „dokter, jij het gedag ik was nie reg nie, maar jij kan nou self sien. Ik is 'n beetje ou'er dan die dokter! Maar dit leer jou daarom, dat die slimste mens partij-slage 'n fout kan maak. Ik is glad nie meer kwaad v'r jou nie, dokter. Ik sien die dokter is haastig maar moet tog nie denk, dat ik ontevrede is!”

Toen groet ons met die hand en oom Petrus het mij genooi om te kom kuier op sijn plaas na die oorlog, wat ik seker nog sal doen als ik tijd krij.

DIE MOEDER.

Vraag nou niet v'r mij waar tante Hessie gewoon het, want dit mag ik niet v'r elkeen sê nie; dit kan ik julle sê, dat haar huisie op die tyd, dat ik van haar praat, in éen van Johannesburg s'n buitewijke gestaan het. Haar huisie was 'n steenhuisie gewees met 'n klein blomtuintje daarvoor en 'n grote jaard daarachter. V'r blomme was die ou vrouw tog al te lief en sij het agter hulle gekijk, net so's dit haar kindertjes was. Elke môre, als sij opstaan, gaat kijk sij of die rose nog mooi vastgebind is en of die anjeliere nog fris lijk. Sij het banje mooie pensies en viooltjes gehad en nog veel andere soorte van blomme; sij kan jou vertel, watter blom sal morre ope wees en watter sal moet afgesnij word.

En als tante Hessie klaar is met die blomme, gaat sij naar die jaard en kijk naar die hoenders. Net so's die ou vrouw daar kom, storm die spul haar en vlieg amper in die mandje met mielies, wat sij draag. Dan roep sij v'r Platje, haar klein Boesman en vra, hoekom is die groot wit hoender s'n pote seer, of hoekom lijk die rooi hoenderhaan net so's hij siek is.

Platje weet nooit nie, hoekom is dit of dat en hij sê maar al-me-lewe; Ik weet tog niet ou nooi! En die ou vrou sê dan: jou klein skelm en lag so'n bietje. Platje weet die ou nooi is glad nie kwaai nie en dit sê sij so-maar so! Sij vraag elke môre naar die selfde ding en dit is maar so haar gewoonte. Als sij klaar is met die hoenders gaat sij binne kant om te kijk agter die brekfes van Hans, haar jongste seun. Sij noem hom nog die „baby” als sij van hem praat, maar hij is daarom 'n pure man, want hij is al 19 jaar en is klerk op die kan-

toor. Hans is 'n rerrige goeie kind, sê tante Hessie, en als hij in die môre weg rij op die bicycle van hem, staat sij nog 'n rukkie o'er die hekkie te leun en kijk hem agteran tot bij die hoek en groet nog als hij al amper weg is. Want sij is tog àl te lief v'r die seun!

En dan begin sij en maak die huis reg en jaag agter Platje, die tog ook nog maar 'n kind is en al te lief om rond te loop, als hij 'n kans krij om met die andere klein skepsels met „marbles” te speel. Die ander dag het die ou vrouw hem met die strop geslaan, o'ert hij 'n uur weg geblijf het v'r 'n boodskap bij die sjynaman net op die hoek! Hij het geskreeuw net so's 'n vark wat 'n mens wil dood maak, maar toe't die ou vrouw klaar is met slaan en staan en hap naar haar asem, loop hij buitekant en sit agter die watertank en lag, die klein skelm. Wát, sê hij v'r sijn maat, die kaffertje van langsan, Wat, die ou nooi kan 'mers niet slaan nie. Sij speel maar net, en ik skreeuw oer't sij moet denk, ik krij seer, maar ik het glad niks gevoel nie!

Dit is dan ook die enige ding, waaro'er tante Hessie sig so nou en dan 'n slag kwaad maak en dan nog maar v'r 'n kleine rukkie, want partij slage moet sij self weer lag o'er die klein skelm s'n streke.

Het julle al 'n keer 'n klein boesman rerrig goed bekijk? Hij is die snaakste skepsel, wat daar op aarde is. Geen mens kan s'n streke uitvindt. Als jij hem sê 'n ding te doen, dan hardloop hij so hard als hij kan, net om te laat sien hoe banje ijverig is hij, en dan is dit al-me-lewe nog agterstevoor. Hij sê maar altijd: Ja mij basie of ja ou nooi en voer glad niks uit als jij hem niet oppas. Soms krij jij hem op die stoep in diepe gedagte so's dit lijk. Dan trek hij s'n gesig in allerhande vorme en kort daarop kijk hij so ernstig als 'n ouderling. Soms lag hij hardop en skreew dit uit en dan blijf hij weer doodstil. Opeens vlieg hij op en hardloop die jaard rond net so's hij malkop geword is en dan spring hij wel 'n paar voet in die hoogte, om kort daarop met die ernstig-

ste gesig van die wereld te vraag, of jii hem geroep 't. Dit is nou maar eenmaal die boesman s'n maniere.

Op die dag, waarvan ik nou praat, het die ou vrouw in die agtermiddag in die eetkamer gesit in haar gemaklike stoel. Dit was niet een van julle winkel s'n stoele wat somaar omval en breek. Nee, dit was nog een van melewe s'n stoele. Groot en sterk en met riempies v'r 'n sitplek en 'n safte kussen daarop. Die selfde ou stoel het haar o'erleë ou man nog self gemaak en daar kort vóór s'n dood nog 'n nieuwe sitplek in gewerk. Die ou stoel kon ook niemand van haar koop nie—niet v'r honderd pond!

En in die middag, als die tafel is reg gemaak en die werk klaar, sit sij bij die tafel en set haar sadoek o'er haar hoofd en slaap net so'n rukkíe. Dan breng Platje haar 'n koppie koffie en sij vat die boek en lees.

Die dag het sij ook gelees van Ruth haar storie. Sij líjk die! Sij is 'mers ook 'n weduwe en uit die Kolonie getrek en haar dogter het ook daar getrouwd en sij het ook haar andere dogter gevolg; dit is natuurlik nou niet heeltemaal so's Ruth haar storie, maar daarom amper. En tante Hessie is 'n vrouw, wat ook haar kinders sal volg, tot op die end van die wereld. Haar oudste seun boer, en dit gaan hem goed; tije is maar sleg maar 'n mens moet maar tevrede wees. Hans is haar liefste kind, oer't hij die jongste is, want sij het nooit onderskeid gemaak.

Maar kijk nou is daar iets wat verkeerd is en dat is die huwelik van haar dogter. Drie jare gelede is haar kind getrouwd met 'n man hier van Johannesburg. Dit het eerst banje mooi gelijk, maar daar is nou moeilíkhed. Harry Smith had, toe't hij met Sarie getrouwd is, 'n mooie klein huisie en 'n stal met 'n paar mooie ponies en 'n alte agtermekaar spydertje. En als die jong span dan so in die middag uitgerij het, was dit v'r tante Hessie 'n plesier om hulle te sien. Ongelukkig, die plesier het maar kort geduur, want die huisie en die spyder en ponies moes verkoop word en armoede het begin te kom. Sarie

het eerst stil geblij, maar 'n rukkie agter haar eerste kind geboren is, het sij bij ma gekom en banje gehuil. Sij vertel toe, dat Harry haar niet sleg behandel nie, maar partijkeer kom hij bij die huis als hij banje gedrink het. Die paar honderd pond wat Sarie van haar o'lerleë vader had, was ook al gouw gedaan en haar man was ongelukkig met s'n spekulaties en die gevolg was, dat alles moest verkoop word. Hij het nog 'n klompie „shares“ gehad en daar wat met gewerk, maar dit het ook niet lang geduur. Tante Hessie het toe met haar oudste seun Gjert gepraat en, die het v'r Harry 'n plan gemaak, om met hem saam te gaan boer. Hij sou hem 'n gave stuk grond geef en in alles help, dan kon hij om die helfte boer. Maar dit was heeltemaal niet so's Harry dit gemeen het en op die end was Gjert so kwaad gewees dat hij v'r ma sê, hij wil met die niks nut glad niet meer te doen het nie. Die dag, dat Gjert weg rij, sê hij v'r ma, sij moet net mooi oppas! en toe die ou vrouw hem vraag wat meen hij, sê hij net alleen: „ma moet uitkijk.“ Tante Hessie het hiero'er gedenk maar dit ook al weer gou-gou vergeet, want sij meen Gjert was kwaad en dit sal wel weer o'er gaan.

So het dit nog 'n rukkie gegaan, maar toe is Sarie op een middag weer gekom en sij het banje sleg gelijk. En toe ma haar vraag wat makeer, begin sij en huil of haar hart wou breek. Sij vertel toe, onder veel trane, dat Harry s'n sake banje sleg lijk en dat hij binne 'n paar dage £300 moet betaal, anders gaat hulle hem in de tronk set. Die ou vrouw het eerst geskrik en niet geweet, om wat te doen nie, maar toe 't sij sien dat haar kind so wit is als 'n doek en wil flouw word, vat sij die „smellingsalt“ en hou dit onder haar neus. Sij soen haar op die voorhoofd en sê sij moet maar moed hou. Hulle gaat toen saam kijk, hoe lijk die bebie, en toe vertel Sarie die heel storie. Harry het gesê, hij het „shares“ gekoop en nou moet hij vandaag 'n paar honderd pond gemaak het, maar dit het misgeloop en nou is hij bankrot. Als hij nou niet die

geld gou betaal is dit klaar met hem. Hij het nog 'n week die tijd, maar dat is ook die langste.

Die ou vrouw sit en luister. Sij vat die bebie en soen dit, en soen dit en soen dit weer, net sos sij die kind v'r die eerste maal sien. Dan bring sij dit in die slaapkamer, en als sij terug kom, sit Sarie nog en huil. „Mijn kind, sê sij, jii weet ma het niet banje geld nie en wat ik nog besit, is in die paar huisies, maar ik sal alles geef wat ik het, om jou te help. Daar sal banje moeite wees met jou ouboet, want hij het 'mers altijd gcsè jii moest nooit met Harry getrou het. Maar so kan dat nie wees nie, ik moet jou help, mijn kind! En als 'n lieve goeie ou moeder, vat sij die dogter om die hals en soen haar net so sij nog klein was en Sarie het nog nooit in haar lewe so gelukkig gevoel. Dan het Sarie opgestaan en hulle het die kleintje saam amper fijn geknipp en gesoen dat dit 'n lust was. Toe Sarie weg was, het die ou vrouw Hans s'n kost klaar gemaak en als hij eet, vertel sij, dat sij mōre ochend dorp toe moet gaan om haar prokureur te sien. Hans is banje verwonder en vraag of hij dit niet ver ma kan doen, maar die ou vrouw sê, sij moet ook nog in die winkel wees en dan blijf Hans maar stil, maar hij verstaan die ding tog maar half. Als Hans is weggestap naar sijn kamer, perbeer die ou vrouw, om nog 'n beetje te lees maar dit is net v'r niet, al die mooi van die storie is weg en daar is geen troost meer in die selfde voorbeelde, wat 'n uur gelede nog so banje mooi gelijk het. Sij sluit die boek en gaat met 'n beswaard hart maar aan haar huiswerk. Dit was 'n al te treurige a'end ver tante Hessie gewees.

Haar ei'e sorge het sij niet gereken, maar „Heer help mij kind,” was die gebed wat sij gebid het.

Die andere mōre als Hans is weggerij, trek die ou vrouw an. Als sij klaar is, vat sij die ferwele sakkie in haar hand en roep ver Platje. Die klein boesman is ook aangetrek en het 'n broek en 'n baatje an met rooi bandjes om die arms en bene. Als Platje op die stoep wag, voel sij nog eerst aan die deure en vensters en sluit die

hoender hok. Dan trek hulle. Twee strate verder staat die tram en Platje krijg 'n plek bowekant en trek allerhande gesigte teun die kaffers, wat hij in die straat sien, want hij is 'mers nou groot meneer! Tante Hessie kijk ernstig want sij denk o'er die saak van Sarie. Als hulle uitgeklim het, stap sij naar haar prokureur s'n kantoor en blijf daar lang binnekant. Sij vat dadelik die tram huistoe en als hulle stilhou, geef sij ver Platje die sleutel, om die deur oop te maak. Als sij agter die klein boesman ankom, is Sarie al op die stoep, en kijk ma vragend an. Ma's hoofd is seer, sij kan die tram s'n gerij niet verdra nie en dan die bezigheid? Als ma haar hoed het afgeset en gaan sit, is die eerste vraag: Waar is klein Hessie? Die ou vrouw is eerst 'n bietje ontevrede als haar dogter haar sê, dat sij die kind bij die huis het gelaat staan, want dit is haar oogappel, en draag ouma haar naam. Sarie vertel dat haar man vroeg bij die huis gekom het en agter die kind kijk. Ma lijk dit glad nie, want sij denk, die kind sal iets o'erkom, als sij niet elke dag haar sien! Eindelijk begin die ou vrouw te vertel o'er haar ondervinding bij die prokureur. Sij vertel alles wat daar gepraat is en op die end sê sij, sij sal o'ermorre die geld kan krij. Maar, so eindig sij, ik het alles wat ik het als sekurietijt moet geef en als Harry nou niet goed wil doen, dan is ik arm! Sij sug diep en haar dogter voel die grote swaar wat haar man op die moeder haar skouwers geset het. Sij staan op en gaat naar haar moeder, slaan die hande om haar hals en snik en vraag om vergeving; sij vertel dat ma binnen 'n maand alles terug sal hê en dat Harry die slag seker 'n banje mooie ding aan het, wat hem weer sal reg ruk. Tante Hessie soen haar dogter, maar praat nie 'n woord. Sij wil nou loop slaap want sij is moeg en Sarie gaat met 'n ligter hart huistoe. Harry is banje blij om haar te sien want hij merk so maar dit is alles allright. Hij noem haar: My dear, en sê ma is 'n „decent old stick” en hulle is die a'end banje gelukkig, oer't die swaar weer verbij is.

Die rêent het geval in Johannesburg s'n strate bij strome. Net sos deur mist sien 'n mens die huise, en die lig, wat deur die rame van die groot hotels en deur die deure van die bars skijn, maak 'n reguit skijnsel in die vale lug. So nou en dan gons die trem langs die reels en jij kan die mense sien sit, net sos spoke, agter die bewasemde ruite. Daar is maar min mense in die avend om tien uur en die wat nog daar is loop met groote stappe en spring oer die kleine waterpoele en loop in mekaar gebuig agter hulle sambreels, wat die wind perbeer uit hulle hande te ruk. Op die Markplein is dit banje eensaam. Die gewone geskreeuw, wat jij daar oêrdag hoor, is dood. Die kebbies maak geld en staat maar net so'n rukkie stil, want die, wat nog 'n shilling het, rij met 'n keb, als hulle die tram gemis het. Deur die vale re'en kan 'n mens nog die tijd sien op die groot postkantoor en dit is net 'n paar minute oer tien.

Op die banke in die klein groen huisies, wat die gemeente raad daar het neer geset ver wagtende mense lig 'n klompie loafers; partij slaap en partij is dronk en vloek en gaat tekeer. In die hoekie sit op die a'vend, waarvan ik nou praat, 'n nooi; sij sit in mekaar en hou die ou regenbaatje vast om haar skouwers. Haar korte krulhare hang o'er haar bleek gesig en sij kijk voor sig uit op 'n manier dat 'n mens so maar kan sien, dat haar verstand half weg is. Dit is een van die vele ongelukkige wat die goudstad herberg. Die mense daar ken haar als 'n arme skepsel en die dronk kjerels vloek haar als hulle wil slaap, maar deel met haar als hulle iets het. Die polies ken ook die slaapplek van die arme mense, maar hulle is maar al te blij, dat daar niet moeite kom nie. Daar is niks aan te doen nie en hoekom sal 'n mens dan moeite maak? En dit is beter ver die polies, om goeie vrinde te blij met hulle, want daar is vreemde persone onder.

Daar dig bij die plek is 'n bar, waar 'n klompie manne in 'n klein agterkamertje bij mekaar sit in 'n belangrijke gesprek. Hulle sit rond 'n klein tafeltje en hulle gesigte

blink van die drank. Daar is vier, en één van hulle is Harry Smith. Daar word op die ogenblik besigheid gepraat en dit lijk of Harry die man is, wat die v'rnaamste persoon is in die konversasie.

Als een van die manne praat, kijk hij almeleve naar Harry en loer dan weer naar sijn maats om te sien sos dit lijk, of hij goed gepraat het. Harry self hoor niet veel nie. Hij kijk met groote aandag naar die vlieg wat op die muur rondloop. Die gesprek is in engels, maar so nou en dan kom daar 'n hollandse woord tusse.

Well, Mr. Smith sê die een man, wat sê jij?. Man this is an oppertunity which we cannot miss and there never will be another one like this! If jou only can get us this little cash, you'll see we are allright! Die blooming prospectus s'n drukkerij het mij ook al so banje geld gekos! Yes, sê die andere kjerl, and what about the samples? Toe begin die heel spul en lag en Harry word wakker uit sijn beskouwing van die vlieg en vraag: What is the matter?

Come on, sê die één kort dik kjerlje, wat lang naar Harry gekijk het. Let us have another drink first. Same gents? vra hij, en roep die barman wat o'er die toonbank die „Star“ lees en kijk watter pêrd die slag sal inkom, en of dit die regte tip is, wat hij gekrij het. Die man vat die glaze en bring die bottel en soda en gaat weer s'n krant studeer. Die manne sê „goodluck“, en die klein kjerl begin en praat op 'n langsame toon, om die andere te laat sien, dit is nie 'n grap nie. Hij sê, dat alles nou agter mekaar is en dat o'er 'n week die ding op die mark sal kom. Hij het met 'n paar mense gepraat en hulle denk dit is 'n goeie ding. Dit was van die Rand s'n eerste klas mense en hulle weet, which is which! Hulle sal die shares laat opgaan v'r 'n week en dan kan hulle self 'n part van hulle andele verkoop en 'n goeie som in hande krij. Dan kan eik van hulle handel so's hij wil, maar *hij* sal seker verder daarvoor ingaan, want hij is bij s'n gewete o'ertuig, dit is 'n agtermekaar ding.

Hulle ingenier is nog nie daar nie, en dit is banje jammer, hij is altemets verhinder, maar die saak is gesond. Als Mr. Smith nou maar net die paar honderd pond kan krij, is hulle gehelp en dit sal v'r jou 'n eerste klas ding wees. „Look here, sê hij, you fellows must take the thing seriously. Ons het masjienerie nodig en nog banje dinge om uit te geef, en als ons niet wat cash krijg, kan daar niks gedaan word. Mr. Smiths mother will help him en dan is ons 'mers klaar! En als Harry nog sit en droom, knipoog hij teun die andere kjerls, om hem te help, want hij voel dat dit maar swaar gaat om op die ogenblik iets uit Harry te krij. Harry is 'n groot liefhebber van die biljartspel, en hij kijk, so's dit lijk, aandagtig deur die openstaande deur van die biljart kamer. Daar sit op lange lere banke drie manne, wat kijk naar die twee kjerls wat speel. Die speuler is 'n lange man wat al-me-lewe op banje vrindelike manier teen die biljart-balle gesels. Als die bal in die goeie spoor loop, so's hij denk, sê hij : „Go on darling, that's good, go on!” Als dit niet gaan, so's hij wil word hij kwaad, en sê, „you wretch“ en meer andere dinge, die ik nou maar niet sal opskrijf. Die ander man speel goed en win en die spul langs die muur, laat dan hulle uitroep hoor van : „Fine shot“ of „hardlines“ en „fluke“ of net so's dit gelege kom. Harry het die spel gevolg met alle andag en word nou wakker uit s'n skjijnbare diepe gedagte.

Yes, sê hij, I shall try! The old woman has not so much as you fellows think, but Dan begin die spul en lag, en sê Mr. Smith speel maar; hulle weet 'mers die ou vrouw is rijk! Harry lijk om dit te hoor en sê: Ja, hij sal kijk. Dan breek die bijeenkoms op en die een klein kjerl, wat met Harry saam gaan, stel voor om o'er 'n paar dage weer bij mekaar te kom, als die ingenier daar is. Dan het Mr. Smith die geld seker wel en alles kom reg. Hulle neem nog 'n nightcap en Harry word deur s'n maat in die tram gehelp. Daar praat die maat nog van masjienerie en andere sake wat georderd

moet wordt, en hij vra v'r Harry, om hem tog te belooft dat hij die bestelling sal doen, want dan kan hulle saam die korting deel. Harry belooft alles, wat s'n maat wil en gaat huistoe, of liever strompel die pad langs naar s'n woning. Sijn vrouw is nog niet naar bed gegaan en sit en wag. Sij sê niet 'n woord, als haar man binne komt, en als hij wil perbeer om nog wat te praat, wat maar moeilik gaan, geef sij hem g'n antwoord. Hij perbeer om haar te vertel, dat hij o'er 'n paar maande weer 'n man sal wees en dat hij 'n grote besigheid aan het, maar Sarie blijf stil en hij gaat met 'n swaai naar die slaapkamer, waaruit s'n hard gesnork haar binnen 'n paar sekonde in die ore klink.

Sarie sit weer alleen. Die kleintje het gehuil en sij het haar op haar skoot geneem uit haar bedje. Die kind slaap nouw en sij kijk naar die mooie krulhaartjes en die lieve kleine handjes, wat sij versigtig soen, om haar lieveling niet wakker te maak. Saries hoofd is warm en haar oge brand. Grote trane val op die kind s'n klere, maar gelukkig, sij het nog niet verstand van sorge en slaap rustig deur. Die moeder buig sig oer haar en luister naar haar asemhale en kijk naar die kleine bewegings in die slaap. Daar is 'n banje bange gevoel in Saries hart. Lang het sij getwijfel aan haar man, maar die bange onsekerheid is nou nog 'n treuriger werkelijkheid geword. Eindelijk vat sij die kleintje en set haar in haar bedje in die slaapkamer. Sij kan niet slaap! Haar hart is te vol. Alle hoop op verandering het sij nou opgegê en sij strij teun die gedagte, dat dit nooit weer reg sal kom.

Daar kom nog bij dat sij voel, dat dit haar plig is, haar moeder te waarskuw, teun haar eige man. Sij weet dit sal v'r niet wees hem te help, maar sij kan daar niet toe kom. In die grote droefheid wil sij bid, maar sij kan niet.

Hoor hoe hij snork! en dat is haar man, die dronk-lap. Ja sij kan hem nou amper haat en voel lust om die kleintje op te vat en ma toe te loop en daar te blij om nooit weer weg te gaan. Maar op die end is sij moeg

van denke en sorge. Sij lê haar hoofd op die arme en val in slaap. Die kers staat nog en walm. Die kleintjie sug bij rukke soetjes in haar slaap. Harry snork nog steeds sijn roes uit. Die reën het nou opgehou en in die verte slaan die groot postkantoor s'n klok twaalf doffe slage.

Ja, Mrs Steenkamp, dit is al wat ik kan doen. Ik is werkelik banje jammer v'r jou, maar dit help nou niet meer om te kla, en sos ik gesè het, Mrs. Steenkamp moes nooit die geld v'r so'n niksnuut gegeef het. Hij is 'mers nou tog in die moeilikheid!

Tante Hessie sit in die groot stoel op die kantoor van haar prokureur en onder haar swart hoedje kom nou die grijse hare duidelik uit. Ook is haar gesig maêrder geword en daar is diepe lijne te sien, wat kort gelede nog niet daar was. Sij luister met aandag sos dit lijk, maar so nou en dan dwaal haar gedagte heeltemaal af en hoor sij glad niks nie. Sij sé maar net „Ja ik verstaan.” Daar is banje gebeur in die laatste paar maande! Harry is in die hospitaal en die dokter wil niet sè nie, wat is dit, maar dit kan nog lang duur, sè hij. Sarie woon bij ma in en Hans is bij die huis, o'ert die gemeenteraad so veul mense ontslage het. En nou is al die swaar op die ou vrouw gekom! Sij moet haar huisies oergeef in die hande van andere, o'ert die spekulasie van Harry verkeerd gegaan het. Die ou vrouw het nog 'n kleine inkome van tien pond in die maand, maar dit is alles. Sij is nou vandaag weer bij haai prokureur, om o'er die laatste dinge te praat. Hij is 'n ordentelike man, wat al v'r haar oorlede man sake het reg gemaak en hij is haar vrend en het haar ook als sodanig behandel in die sware tijd. Sij kom nou om hem om raad te vraag, want sij wil 'n boardinghuis begin. Sij kan 'n plek krij, wat geskikt lijk, en als Hans en Sarie 'n bietje help, sal hulle altemets ordentelik deur die wereld kan sukkel. Dit lijk ook ver haar prokureur die beste plan en hij raad haar aan om tog vooral versigtig te wees met mense. Hij sal self die plek gaan sien en dan

die huurkontrak voor haar optrek. Als dit alles agter mekaar gepraat is, gaat tante Hessie huis toe en vertel haar kinders die plan. Hans sè niks nie en Sarie huil.

Dit was nog maar 'n paar dage, dat sij in haar eige huis kan blij. Sarie loop heen en weer en weet niet wat sij maak. Die bebie is banje soet en dit lijk v'r die ou vrouw nog die enige troost te wees in haar grote leed. Hans perbeer om soveel te help als hij maar kan en Platje voel daar is iets verkeerd, maar wat, verstaan hij niet. Hij het al gewonder hoekom is die ou nooi so stil, maar hij het niks gepraat nie, o'er hij weet dat hij al mij lewe amper 'n pak verdien en altemets is dit waaroor die ou-nooi denk. Hij het van Hans gehoor dat hulle gaat trek en dit het hem wel 'n hele morre malkop gemaak en hij het op die jaard rond gehol tot hij niet meer kon loop. Tante Hessie krij die volgende middag berig, dat die ander huis v'r haar klaar was en nou begin die trekkerij die andere môre. Eers word die portrette afgehaal en die tapijt opgeneem en dan begin zij met die breekgoed mooi te pak, want hulle moes 'n grote end trek. Die ou vrou is oeral self bij en kijk of alles goed gaan en of die kinders wel versigtig werk met die breekgoedjes. In die a'end is die spul so moeg, dat hulle amper niet meer kan eet. Dit het ook maar op 'n manier gegaan, want tante Hessie het al haar ou stoof verkoop en die stuk brood met koffie gaat maar op 'n manier naar binne. Die kinders is verwonder hoe ma nog so fluks is, en alles so nakijk en niks vergeet. Partij keer als daar 'n ding uit die een of ander hoe-kie kom, wil Sarie amper huil en Hans kijk dan ook banje ernstig. Hulle herinner sig dan hoe hulle als klein kinders daar nog langs gekruip het en hoe o'er hier en daar die krab op die muur oorlee pa hulle nog 'n keer 'n pak het gegè. Hier en daar vind hulle nog 'n stukkie speelgoed en 'n prent wat al jare weg was en daar kom trane in hulle oge, sonder dat hulle dit wil. Langsaam word die huis leger en leger. Die laatste nag gaat Hans in die nieuw huis slaap en vat Platje saam. Dit val hem

niet bij, dat hij nooit weer in sijn oude kamer sal slaap of sit en banjo speel. Hij is ook nog maar 'n kind, denk tante Hessie als hij bowe op die wage met goed weg trek.

Sarie is gedaan die a'end. Die loperij en dragerij het haar klaar gemaak. Sij het maar net ver die beby 'n bietje kost gegè en is plat op ouma haar bed neer geval en in slaap geraak, so gouw sij lig. Als ma haar vind siet sij ook die kleintje daar lig en sij kan niet laat die liewe kleine arme te soen. O, so versigtig, dat sij niet wakker word.

Dit was 'n mooie avend gewees. Die maan het so rond aan die lug gestaan en sterre skitter net sos hulle lag! 'n Mens hoor net in die verte die gebel van die trems en nou en dan, hoor jij die gesug van 'n treins'n masjiene, net sos hij bove sijn kragte trek. Anders is dit banje stil. Maar tante Hessie denk daaroe nou niet. Voor háár geest gaan al die jare van haar leve verbij! Sij het banje swaar al agter die rug en veel teenspoed is haar deel gewees, maar dat sij op haar oude dag nog sou moet werk v'r andere mense, kijk dat had sij nooit gedenk. En tog is dit so. Sij kijk nog 'n slag op die jaard; die hoenders is weg en Platje sijn kamer staat ope. Sij gaan deur die lege kamers en lig met die kers langs die kale mure. Nou wil sij nog 'n slag op die stoep kijk. Die mooiste blomme het sij laat wegneem maar daar staan nog banje wat sij moet laat staan en wat sij tog met so veel sorg het opgepas. Maar wat kan zij daaraan doen? Sij sal 'mers tog niet tijd krij om te tuin, als sij moet werk! Sij stap uit die hekkie, kijk die goei ou huisie nog 'n slag goed aan en gaat sit op die trappie voor die waranda, met die hoofd in die hande en grote trane rol langs haar vermagerde wange. Dit geef haar lug. Sij het sig die heel dag moet goed hou v'r die kinders, maar nou is sij alleen. Nou kan sij 'mers vrij huil. Nou kan sij ook weer denk:

Ja, wat het Gjert ook weer gesè? Ma het, al wat sij

het, gegé aan 'n vuilgoed; hij haar oudste seun het ma gewaarskou, maar dit was v'r niet.

Nou is ma in die moeilikheid. Hij wil ma niet beskuldig nie, maar hij sal blij wees als ma ma die spul laat staan. Hulle is oud genoeg om agter hulle self te kijk en ma kan bij hem kom blij. Zijn kinders verlang ook naar ouma, en ma kan haar oude dage in vrede bij hem deurbreng.

Dit was, wat Gjert in sijn brief geskrijwe het, en dit het amper haar plan gewees om naar Gjert te luister. Is daar dan 'n beter plek om te blij dan op die plaats! En had sij al niet genoeg gewerk en gesorg? Maar toe het sij die treurige gesig van Hans gesien en die trane van Sarie gemerk en die arme kleintje hoor huil, en sij het 'n andere besluit geneem, hoe swaar dit ook v'r haar was.

Maar nou hier op die a'end op die stoep kom al die dinge weer in haar gedagte. Weer kom die vraag bij haar op: Het sij niet genoeg gesorg in haar lewe? Hoekom sal sij dan nou sig nog soveul moeite geef? Sij kan 'mers nog 'n paar jare rustig leef en dan is dit gedaan.

Maar nee, sij skud haar hoofd in gedagte, net so's sij die verkeerde denkbeelde wil weg jaag. Gjert is haar oudste kind en nou het hij haar help niet meer nodig, maar die andere is 'mers nog kinders en is sij dan niet hulle moeder, wat v'r hulle moet sorg als hulle dit niet self kan doen? Wel klop haar hart met vrees v'r die toekoms, maar die Here sal help en sij sal perbeer om alles wat verbij is te vergeet en weer met al haar laatste krag gaat werk. Sij vouw die hande en bid. Wat sij sê weet geen mens, maar dit maak ons denk aan die Duitse versie,

Mein Herz hat trüben Sinn,
Viel Leiden ungemessen;
Wohnt nur ein Wunsch darin:
Das Glück vergessen!

Want dit is niet die harde werk, wat vóór haar is, waarteen sij moet opsien, maar dit is die gedagte aan wat

agter haar is, waarteen sij veg. Nog sit sij 'n ogenblik en dan staat sij op. Sij kijk nog 'n keer naar die mooie lug en naar die heldere maan en dan nog 'n slag naar haar blomme, en gaat binnekant en sluit die voordeur sos sij dit gewoonlik doen. In die slaapkamer is die kers amper dood gebrand. Sij buig sig oer Sarie en luister hoe swaar sij adem haal, en dan soen sij die kleintje wat in die slaap haar liewe arme naar haar uitsteek, net sos sij ouma wil omhels. Dan is is dit of sij opeens al haar swaar vergeet en sij sè ver haarself, nee, dat moet 'mers so wees, ik moet 'mers sorg! En als sij die ou gemaklike stoel 'n bietje nader trek en haar klere 'n bietje het los maak, gaat sit sij met 'n blij gesig en trane in die oge, want sij weet nou sij sal tog alles nog reg krij, sij is 'mers die Moeder!

„GETREP.”

Als 'n mens van die marktplaas in Johburg langs die postkantoor met die tremlijn reguit loop, kom jii eerst langs 'n klomp mooie gebouwe en winkels, wat elkeen kan gaan sien. Daar is skoene-winkels en klere-winkels en grote hotelle en bars en alles lijk pragtig! Maar als jii aanhou met loop, word die straat slegter en slegter, en die gebouwe, wat aan weerskante van jou staan, laat jou denk, dat jii in glad 'n ander straat gekom is.

Dit is tog nie die geval nie. Jii is nog in die Marktstraat! Klein ijsers huisies staan naast aan ou steen gebouwtjies, wat wil omval; vuile kleine steegies, met morsige ope erwe, waar die mense hulle lege blikkies en morsige dinge gegooi het, breek die rii van huisies. Dië part van Marktstraat loop deur die „City en Suburban” wijk. Daar siet jii koelies, in lange wit hemde voor hulle deure staan en gesels. Daar hang bontgekleurde kombêrse buitekant, en op die stoepe staan geel ijsers bokse, wat hulle aan die kaffers verkoop. Daar is van die „tweedehands” klere en skoene-winkels waar baar kaffers gekleed word deur Russiese jode en koelies.

Enige ding kan jii dáár koop voor jou geld, en alles is tweede klas. Jii krijg daar juweliers-“shoppies,” waar jii oorlosies kan koop voor 'n half kroon, met wekelikse afbetaling van 2s., tot jii £1 10 gegè 't voor 'n ding wat altemit gestole is. Daar is baatjies en manèlle en allerhande klere te krijg. Jii kan jou daar laat skeer deur koelies met lange morsige hemde en jii kan daar 'n handvol „sweets” koop voor 'n „tikkie.” Daar woon koelies wat timmerwerk verrig en skoene maak. Jii kan daar enige ding laat doen want die tweedehand „store” is volop. Daar is van die

klein huisies met klein venstertjies en jii verwonder jou, hoe 'n mens in so'n plek kan blyf. Jii siet hier en daar 'n enkele ordentelike plek, maar die meeste is sleg. Als 'n mens in die a'end daar loop, is dit goed om voorsigtig te wees en rond te kijk, want die plek laat jou denk aan diewe en skelms. Daar is maar min lig in die strate en deur die gordijntjies en die voege van die deure kan jii sien hoe lê die koelies en die Snese te gesels op die goeters, wat hulle in die dag buitekant set. Alleen die „fruit-shops“ is nog oop, en in partij van hulle, verkoop vroumense die goed, wat o'erdag ander besigheid het

Dit is maklik om te verstaan. dat die dwarsstrate, wat o'er die marktstraat loop, 'in diè part van Johannesburg nie banje mooi is nie, en dat jii daar maar min mense krijg, wat banje geld het. Die huisies is dan ook vuil en bruin van die stof. Die stoepe is vaal van die mijne hul sand en daar is banje huise leeg, met vensters waar nie meer 'n stukkie glas in te sien is nie. Die deure is oop, want daar is nie kans om hulle te verhuur nie, en diewe en skelms en ook diè, wat glad nie slaapplek het nie, gaan lê daar in die a'end, als dit donker is. Die poliesman hou hemsself skaars bij sulke plekke, o'er 't hij weet daar is lig kans v'r 'n „sand-bag“ of 'n messteek in die donker.

In één van die dwars-strate het nog nie so danig lang gelede gewoon 'n man, met die naam van Pieter Duvenhage. Hij was 'n messelaar van sijn ambag gewees, en het almelewe nog 'n ordentelike stukkie brood gemaak voor sijn seun Jannie. wat nou veertien jaar oud is en sijn twee dogtertjies—één van vijf en een van drie jaar. Sijn vrou is nou twee en half jaar dood en sijn oudste dogter is 'n beetje later getrouwd met 'n mijnheer, wat op die „City en Suburb“ mijn gewerk het. Sij het self ook 'n seuntje, wat die naam van Pieter het, en 'n mens kan verstaan, dat die ou-Pieter daar banje groots op gewees 't.

Pieter Duvenhage het die messelwerk na die oorlog

geleer, ik meen die regtige messelwerk, want sijn eige huisie—toe 't hij nog geboer 't—het hij self gemaak en dit was 'n goeie huis. Maar toen die oorlog o'er was, was alles weg; die paar veetjes gevat, die huis gerinneweer en die beetje grond, wat hij gehad 't moes hij verkoop, om v'r sijn vrouw en kinders kos en klere te gé. Sijn swaër het hem toe aangeraai, om in Johannesburg te kom woon, en hij het dit gedaan.

Hulle het saamgevat, wat daar nog o'er was en dorp-toe getrek. „Sikspens”, die klein Hotnot, het ook saamgetrek. Duvenhage het die jong gekrij, van sijn ma, toe 't hij nog maar 8 jaar oud was, en hij is met die groot kinders saam opgegroeï. Hulle het saam gespeul, en gebaklei, dol-osse gemaak en klei-roer geskiet.

Sikspens was 'n al te snaakse klein Hotnot. Hij kon banje lieg en banje lag, maar was ook banje lief v'r die oud-nooi en die kinders; v'r baas Pieter was hij 'n beetje skrikkerig, o'er 't die hem eendag regtig uitgelooi 't.

Toe 't die mense in Johburg ingetrek is, was Sikspens bij hulle. Die polies het hem uitgevonde en hij moes geregistreer word. Daar was banje gesukkel o'er die ding maar baas Pieter het dit reg gekrijg en Sikspens kon blijf.

Na so'n rukkïe, het die Hotnot gevraag om die Sondag-middag naar die skool te gaan en die vronw het gedenk, dit was goed. Oom Pieter het dit nie aagestaan nie, maar hij het stil geblijf. 'n Beetje later het Sikspens bij die huis gekom met 'n boekie en in die a'end spel hij bij die kêrs-lig die Engelse „Abjab”; alle avende leer hij, en tweemaal in die week gaat hij skool bij die kafferpredikant. Hij was slim genoeg gewees, en al gou-gou vraag hij v'r 'n „special pass” en nog 'n beetje later praat hij met die ou nooi o'er die geld. Hij denk, hij kan op 'n ánder plek meer maak; en toen die vrouw v'r hem sê, dat hulle hem groot gemaak 't, en hem altijd goed behandel het, sê hij: ja, hij weet dit, maar hij is nie 'n „slave“ nie, en die ou-nooi wis hij wou al te graag gehoorsaam wees, (want die predikant

het hem dit geleer), maar dit is daarom nie goed genoeg nie! Tien shillings in die maand, is nie „wages” nie; hij is nou 16 jaar en kan op ánder plekke £2 krijg.

Drie weke later is Sikspens weg! Dit was v'r niet om te perbeer, om hem terug te krij. Hulle moet hem nog £1 betaal en die werk was skaars gewees.

Dit het maar zwak gegaan met Duvenhage s'n werkerij. Sijn vrouw is siek geword en zes maande daarna was sij dood. Sijn getrouwde dogter het o'erdag 'n beetje naar die beby gekijk en die ander kleintjes en sijn seuntje was in die skool. Duvenhage het geloop en geloop voor 'n „job” langs al die mijne, hier gevraag en daar gevraag, maar dit was voorniet. So nou en dan krijg hij 'n klein werkje, maar dit duur net 'n paar dage of 'n week, en dan is hij weer sonder. Sijn skoonseun het die stakers „gejoin“ en ook lang leeg geloop. Die nood was banje hoog!

Dis nou amper twee maande gelede, dat oom Pieter op 'n morge van die huis weg gegaan is met 'n swaar hart. Sijn dogter had met hem gepraat o'er al die sorge en hem gevraag om geld. Haar man, sê hulle, kon nie meer so aangaan en voor ál die kinders kost gé nie!

Pa móest nou 'n plan maak, het Sannie gesê, want haar man was toen ook in die moeilikheid.

Pa het „ja“ gesê, en is toen maar weer gaan rondloop.

Hij stap die straat uit en net so's hij die hoek omslaan siet hij dat daar 'n kaffer langs hem loop. Hij kijk en sien, die kaffer is beter aangetrek dan hijsself. Hij het 'n gestreke boordje om en 'n mooi baatje en broek aan, met gawe bruin skoene. Net sos hij die kaffer siet, kijk die vuil-goed ook v'r hem en sê:

„Môre mij baas!”

Pieter kijk banje verwonder naar hem, want nou siet hij eers, dat 't „Sikspens“ is, en sê:

„Mij mastig „Sikspens“, is dit jij? Jij lijk 'mers net so's 'n groot meneer. Wat werk jij nou?”

„Mij baas“, sê die kaffer, „baas moet nou nie meer v'r mij Sikspens sê nie. Mijn naam is nou „Johannes“; hulle het mij die naam gedoop toe't ik aangeneem is.”

„So!“ sê Duvenhage, en hij wil weg stap.

Opeens lê die kaffer s'n hand op s'n maag en skreeuw: „O! o! o!“; baas Pieter draai sig om en siet, die kaffer lijk nes of hij vreeslike pijn het.

Oom Pieter was 'n banje medelijdende soort van man, en hij vraag:

„Wat is dit met jou?“

„O, mij baas“, sê die kaffer, met banje kreune, „dit is die krampe, wat mij pla! O, als die mij vat, is ik mal van die pijn. O, mij baas!“

„Wat kan ik doen?“ vraag baas Pieter.

„Ag, mij baas, kan baas tog nie v'r mij 'n sopie krijg nie? sê die kaffer en hij lijk ne's of hij wil neerval.

„Nee jong, ik het nie geld nie, en hoe sal ik dan maak?“

Sikspens gaat toe op 'n stopie sit en kreun.

„Ag mij baas“, seg hij, „ik het geld genoeg“, en hij haal vijf shillings uit, twee twee-shillingstukke en één los shilling. „Als mij baas net so'n klein botteltje dop v'r mij wil koop, dan sal dit gou-gou beter wees. Ag-toetog mij basie, als 'n blief tog!“

Pieter Duvenhage het banje gehoor van die drank-verkoop aan kaffers maar hij het daaronder verstaan, die verkoperij van sopies, waarbij jij banje geld maak. En nou 't hij die arme skepsel daar in die pijn siet, denk hij ook nog aan die ou dage, dat s'n arme vrouw banje lief v'r die skepsel was—en hoekom sal hij dan nie die arme ding help nie?

Die Hotnot hou aan met kreun en steun, en Petrus stap die „bottle-store“ in, en koop 'n half botteltje drank voor 4 shillings. Hij geef dit aan die jong, die dit in sijn baatje sak set, en ook sijn shilling, maar die jong sê: hij kan die maar vat v'r die moeite. Eerst wil hij nie,

maar hij denk, om die kinders, en draai dit in sijn hand rond.

Dit lijk nou nes of die pijn 'n beetje beter word. Sikspens staat op en loop voorsigtig langs hem en op die hoek van die straat vraag hij v'r 'n vuurhoutje, want hij wil nou 'n sigaret opsteek.

Oom Pieter het g'n vuurhoutjes nie, en toe haal die skepsel die self uit; vat 'n sigaret uit 'n klein boksie en rook. Die pijn lijk nou 'n hele end beter. Net so's hij rook, kom daar uit die ander straat 'n kerel met 'n panama hoed op, stap reguit naar oom Pieter en sê, hij is s'n prisonier!

Die arme ou het nie geweet wat is wat nie en skrik hem amper dood; en toe't hij wil praat, sê die kerel, hij moet oppas en saam gaan „charge office” toe.

Die Hotnot sê niks nie, maar stap agter hem aan. Op die „charge office” krijg hulle die gemerkte shilling en die jong wijs die botteltje.

Die andere môre haal hulle Pieter Duvenhage van die „fort” en die magistraat geef hem 6 maande harde pad v'r onwettige drankverkoop aan kaffers. Hij praat banje mooi, die arme ou man, en al die mense kon ook sien, hij was nie 'n skelm nie, maar dit help hem niks. Die magistraat is 'n vrindelike man en hij sê, hij is banje jammer, maar hij kan dit nie help nie, dit is wet!

Sannie wou nie haar pa kom sien nie, want, sê sij: „Die ou het 'mers geweet!”

Pieter Duvenhage is 'n gebroke man nou. Die enige troos v'r hem is, dat hij 'n eerlike man blijf v'r hemself, en dat sijn vrouw die skande nie meer beleef het nie.

Die oudste seuntje, wat op die „office” werk sê dit is nie sijn pa, wat hulle gevang 't, dit is van die ander Duvenhage's wat nie van sijn familie is nie.

Sannie het getrek met haar man o'er die skande. Die twee klein dogtertjies het sij v'r 'n arme vrouw gegé, wat jammer gekrij 't v'r hulle en dieselfde arme vrouw

werk hard en is 'n weduwe, maar sij sê: „die Heere sal ook v'r die arme kleintjies kos gé, en sij behandel hulle als haar eige seuntje; want jij krij nog banje goeie mense in die dorp.

Sikspens is die laatste Sondag als diaken gekies in die Kafferkerk en hulle sê, hij is 'n banje vrome, goeie jong.

DIE SPOOK.

Die lug wat o'er die stad hang is warm! Daar is nie wolke nie, maar die sterre skijn met 'n swakke lig, alsof hulle treur bij die sterfbed van die oude jaar. Die strate is nog nat van gister s'n regen en die mense draag sambrille en regenbaatjes, want daar kom altemets nog meer!

Die trams is vol en hulle sit op mekaars knieë om plek te krij, mense wat nooit uitgaan en nou tog niet wil achter blijf. Die eene gesels en die ander lag en hulle wens mekaar, om niet telaar te kom al „Happy new year”!

In die stad is dit één grote ligmassa, vol nog met krismeskleure. Pritchardstraat vertoon 'n deurmekaar golvende menseklomp, net so's twee grote slange, wat langs mekaar kronkel en nou en dan 'n stuk van hulle huid verlies in die wijd openstaande winkeldeure.

Die gewoel houd die avend maar kort aan. Als dit negen uur slaat gaat alles toe en dit wordt weer stil. Die hart van die stad is dood, maar die lichaam begin nou te leef! In die buitewijke begin die mense hulle deure en vensters oop te maak en plesierig saam te sit. In die donkere strate verskijn hier en daar rode en blouwe ligjes en kinders juig o'er die vuurhoutje, wat hulle moed geef om 'n ogenblikkie midden op die straat te loop, maar so gou als die ding dood is, weer naar die stoep te hardloop, want dit is mers nou nag!

Seuntjes, wat 'n bietje meer moed het, skiet krekkers af en lag als die groot mense bang word. Daar is hier en daar van die rijk mense wat vuurpille laat opgaan en wanneer die ding met groot geraas in die lug vlieg, staat

die kaffers en kinders met ope monde en kijk naar die vallende ligslange en roep ahhh!

Uit die huise klinkt die geluide van pratende mense, van piano gespeul, van gesing en gramfoon geskreeuw.

Die ene speul „die Holy City” en die ander die „Stars en stripes”, en die mense sing saam met die koor, so ’t jij die ding self niet meer kan hoor nie. Op die warandas van enkele huise sit ’n paar oudjes saam en gesels o’er lang vervloge jare, toet hulle self nogkrekkers het afgeskiet, waarvoor hulle nou ook ’n bietje bang is.

Daar is maar min mense op die strate, en hulle wat nog daar is, stap haastig aan, om bij hulle vrinde te kom, wat v’r hulle wag. Hier en daar lig ’n dronke man in die straat wat op *sijn* mannier nieuw jaar hou. V’r die bars staan nog ’n paar afskeid te neem, op ’n manier so ’t jij sal denk, hulle sal mekaar nooit weer ontmoet. Met grote aandoening sê die een: „Good bye old boy, happy new year to you! happy new year, old chap!” Same to you to you,” sê die ander, maar als hulle son klein eindje weg is kom hulle terug en druk mekaar wêér die hand en wens die selfde ding nog ’n maal, en na ’n rukkie stel die één voor, om nog ’n slag die nieuw jaar te drink en hulle trek weer binnekant om agter die, weer afskeid te neem. In die meeste bars is dit banje stil, oert die gewone klante niet kom, maar hier en daar staan nog ’n paar oer die toonbank geleun, mense sonder famielje of sonder dak, wat op oude jaarsdag ’n paar sjillings het opgetil deur bedel of ’n kleine job. Die arme mense het meestal ’n betere tijd geken en jij krij hulle al mij leve op vaste plekke, *altijd besig met die selfde storie*, „about the old days in Kimberly” of the „early days on the Rand” en als dan die barman niet meer wil ingooi, word hulle kwaad en begin en raas, maar dit duur maar net so’n rukkie en met ’n kalm „Good night” gaat hulle swaaiend die donkere strate in naar een of andere waranda van ’n onbewoond huis.

Nog lang hou die geskiet van krekkers aan, tot op

ëen maal die statige gelui van 'n paar kerkklokke deur die naglug klink, om die mense op te roep tot 'n laatste kerkgang in die oude jaar. Die kerke stroom vol, en mense wat nooit daar kom, wil die gelegenheid waarneem, om tog nog te laat sien dat hulle niet heeltemaal alle godsdienste het op gegee, al is dit ook maar net v'r die predikant. Plechtig klink die gesang uit die dikke mure na buite. En als die predikant met 'n toon van aandoening praat o'er alles wat voorbij is en wat nog te wagten is, dan voel die ou sondare net snaaks en grijp na die sadoek. Dan sing die gemeente „Uren dagen, maanden jare” en die grote klomp mense buig sig met 'n soort van angst om te luister na die slaan van TWAALF. Daar buite begin die mijne te huil met al hulle fluite en bring die huistoegaande kerkgangers weer tot die werklikheid terug. Geskiet en gefluit en geraas klink nog enige tyd deur, maar die weemoedige stemming duur niet lang, want hulle begin mekaar geluk te wens en te vra om tog net so'n bietje in te kom en „'n kleintje te maak”; die glase word opgetil en leeggedrink . . . en die nuwe jaar is begin.

Gjert van Graan woon in een van Fordsburg s'n dwarsstrate en het ou jaar gevier met sijn vrinde. Die huis was niet te groot nie, maar dit maak geen onderskeid. Hulle moes allemaal kom, het hij gesê, en hulle het gekom. Gjert en s'n vrouwe het koek gebak en gingerbeer gemaak en hij het nog so'n paar bottels ou dop gekrij en die saak was agter mekaar. Daar was die twee susters van sijn vrouwe met hulle jonkmans, daar was Mr. Rademeyer en sijn vrouwe, daar was ou oom Verlaan, wat nog 'n baster hollander is, oer't hij niet in die land gebore is, maar tog al 60 jaar in die kolonie en in die Transvaal het rond geswerf. Die ou is banje slim en lijk die dop ook, als jij hem die gee. Dan was daar nog 'n paar bure en 'n engelsman wat so'n bietje hollans kan praat. Hij was daar, oer't hij met Gjert saam aan die paje werk in die selfde ploeg. Die klein sitkamer was

vol, maar dit maak geen onderskeid, die deure en rame staan oop en dit is buitekant koel.

Hulle het net klaar koffie gedrink en Gjert wenk die mans om even in die kombuis te kom; hij sê, hij wil hulle net so'n bietje in die privaat sien. Die vrouwens lag, en hulle sê, hulle weet wat dit beteken, maar daaraan stoor hulle sig maar min. Gjert vat die bottel uit die klein kastje, trek die kurk af en gooi v'r elk 'n stijve dop in. Die jong kjerls wil eerst niet vat nie maar hij sê, hulle is 'mers niet ou meide, hulle moet saam drink! Oom Verlaan sê, dat dit banje goed is teen die malaria en vat die glas, sê: gezondheid en giet die dop so mooi in sijn keelgat, sonder 'n spier te vertrek. Gjert slaat hem ook weg en als die jong kjerls lelke gesigte trek, lag hij, dat hij amper omrol. Die bottel word weer weg-geset en hulle „join the ladies”.

Dit was eerst maar 'n bietje stijf gewees, maar nou gaat die praterij eerste klas. Ja, sê oom Verlaan, toe't ik van mij lewe in die Vrijstaat het rond getrek, het ik ook 'n snaakse geval gehad met 'n paar spoke.

Die vrouwens lijk niet die spookstories, maar die manne lag en oom Verlaan gaat aan: Dit was ook op 'n oude jaars a'end, dat ik het uitgerij naar 'n vrind van mij, wat 'n uur te perd van onse plaats het afgeblj. Dit was omtrent 9 uur toe ik so naar toe gaan en die maan het mooi helder geskijn. Die ou perdje loop so op 'n trippel en ik wil net pijp aansteek, toe siet ik daar langs die pad 'n boklammetje lê, wat net lijk so's dit dood is. Ik rij so naar toe en sien die arme ding roer nog net so'n bietje en ik denk, als ik o'er 'n rukkje huistoe gaan, sal ik die ding saam vat, want jullie moet weet, dit was op 'n plek, waar ik nog nooit van mij lewe skape gesien het. Dit was omtrent half-twaalf toe't ik weer van die mense weggerij het, want daar was siekte en hulle het toe niet die jolliefiekasie gehou, waarvoor ik eielik gekom het. Ons het net 'n paar kleintjes gemaak, sê Mr. Verlaan en kijk met 'n sug naar die kombuis deur. „Ja

en toe?" vra die heel span. Ja, vervolg die ou, toe kom ik weer bij die plek en ik sien die arme ou boklammetje daar nog lê. Ik klim af en sien die ding lewe nog en lijk maar net flauw. Ik set dit vóór mij op die perd en rij! Maar jong, sê die ou, net het ik so'n paar tree gerij, of ik voel die ding roer en ik kijk- en man, daar sit voor mij op die perd 'n afgrijselike ou bobbejaan." Die hele geselskap luister met aandag en die manne vraag: en toe? Kjerls, sê oom Verlaan, ik het geskrik! Ik wis niet wat om te maak en die lelike ding sit en lag net so's 'n mens. Op die end vat ik die aap bij sijn nek ruk hem van die perd en smijt hem op die grond. Maar kijk, toe was ik eerst in die moeilikheid; rondom mij perd staat 'n hele ring van klein boesmans hand aan hand en dans maar net om die stomme dier rond so's hulle mal is! Die spul sing 'n liedje wat ik niet kon verstaan nie, maar dit het voor mij gehoor, net so's 'n ou hollanse versie van „Zoete lieve Gerritje". Daar staan ik nou, ik kon nie roer nie en mijn perd wou niet 'n stap vooruit. En daar het ik gestaan tot die klok „Twaalf" geslaan het en daar verdwijn die spul en ik is huistoe. Ik het dit bij die huis vertel, maar hulle sê ik was hoenderkop gewees en hulle wou mij niet geloof nie, maar ik sê v'r julle elke woord is waar!

Die vrouwmense het geluister met ope monde en als die ou klaar is, sê die één nooi, sij geloof niet aan spoke nie.

Mr. Rademeyer is 'n man van groot gewig, oer't hij met die laatste verkiesings 'n spiets gemaak het in die belang van die werkmense. Hij is 'n bietje sosiaal sê hulle en lees al die berigte van die „Labour Party", wat hulle hem van „Home" toestuur, sê hij. Hij het so's dit vanselfsprek nog nooit Engeland gesien, maar hij praat al-mij-lewe van die broeders slave, wat werk dag in dag uit v'r die hongerloon. Daar is mense wat sê, dat hij self *nooit* werk, maar leef van die geld, wat sijn vrouw met die was verdien; maar daar is al-mij-lewe kwaadsprekers. Mr. Rademeyer sê nou, dat die storie wat hulle

daar gehoor het een storie is uit die onkundige tije, toe 'n mens nog niet kon lees nie en toe die arme werk-mense hulle bloed en sweet v'r die regeringe moes geef-en so gaat hij aan. Maar dit was glad nie naar die sin van Mrs. Stein, wat daar langs-aan gewoon het en ook geluister het. Sij sê, dat Mr. Rademeier hem moet skaam, om sulke dinge te sê! Hij kan 'mers in die skrift die storie van Saul lees te Endor, en hoe durf hij dan te sê, dat daar nie spoke is nie? En sê sij, sij het nog self een slag die geest van 'n man gesien, wat al jare dood was en wat v'r haar met die hand gewenk het en geroep het, drie keer: Ik is dood, ik is dood, ik is dood! En die ou vrouw wuif met haar hand, om te laat sien, hoe het die gees gemaak en kijk Mr. Rademeier aan net so's sij wil sê: Wat sê jij nou? Gjert lijk niet die strijerij en roep die kjerls nog 'n slag in die kombuis, om hulle maag 'n bietje skrik te maak, so's hij weer sê. Als hulle terug kom is dit eerst 'n bietje stil en praat die nooiens soetjes metmekaar; hulle vertel mekaar hoe miss so en so al-mij-lewe skender en dat dit nou uitgekome het, en dat sij nou 'n appollegie sal moet teken, wat in al die krante sal kom. Dit sal v'r haar reg maak, die vuil-goed! Gjert sijn swager het 'n konsertina gehaal en speel nou: „Die Holy City”, en als hij die eerste part klaar het, begin hulle almaal te sing van „JERUSALEM”, dat die ou huis dreun. Dan sing hulle nog van die „Queen of die Earth” en andere „songs” en die vrolikheid kom daar nou in. Sal ons dan niet 'n bietje kan dans Gjert? vra sijn skoonsuster, en dit is ook maar gou-gou klaar. Die tafel en stoele word weggeneem en daar draai die spul! Die kamer is maar net 16 bij 18 voet maar dit maak g'n onderskeid. Die Pare draai rond en die stof staan en hulle voel net plesierig. Daar is vijf pare, wat net kan rond gaan in die kleine ruimte, maar als die konsertiana stil blijf, gaat hulle gauw naar die veranda om lug te krij, want dit was ver jou daarom warm. Die mans het stoele geset op die veranda en praat poletiek. Rademeier is van

opinie dat die goevernement die arme mense moet help met die geld van die landbank, want daar is nou tog banje geld en wat maak hulle met die miljoene? Maar dit gaan maar almijlewe so met die rijke spul, dit is waar, wat daar geskrewe staat: „die wat het sal nog meer gegeve word.” Als die predikante die skrift maar net goed wil uitleg, dan is daar banje uit te leer sê hij; die kapitaal was die ding waartegen hulle moest geveg het en.....so gaan die ou an. Die ou buurvrouw het Mr. Benson, Gjert s'n maat, in 'n hoek en vertel hem nog 'n slag die spook-storie. „You see,” sê sij, „I walk in die aand langs die graveyard, „en I denk glad nie oer enige ding nie. Daar come toe „that Spook you know, en make so met sijn arms en „skreeuw: „I is dead,” driemaal! en toe steek die ou vrouw haar drie vingers op, om die engelsman te wijs, en hij sê maar net „YES. YES.” Die andere gesprekke gaan oer die koelies, en die mense is dit eens dat dit 'n goeie plan is, om die spul weg te stuur, want tante Annie sê, nou sal sij die lelike, ou chinaman sijn 13 en sikspens ook niet hoof te betaal, wat sij hom nog skuldig is! Die andere lag oer die ou vrouw. Oom Verlaan sê niks nie! Die pare is moeg gedans. Hulle set die tafel en stoele weer binnekant; die vrouwens drink gingerbeer en die mans maak nog *net* so'n kleintje. Dit lijk of die slag die praterij niet erg fluks meer wil gaan, en of die sopies die mans stil het gemaak. Die jongkjerls perbeer om nog 'n slag te sing, maar hulle blij steek in die middel van die eerste regel. Buitekant skiet die mense krekkers af en hulle luis-ter, als dit verbij is. Mr. Verlaan sê, hij herinner hem nog so'n aand dat hij alleen was, maar, (val hij hem self in die rede) julle lijk altemets niet om dit te hoor? Dit is van spoke. Die vrouwens sê nee, blij maar stil, maar die mans sê, gaat maar an! „Dit is nou drie jaar gelede dat ik ook op 'n aand allenig in mijn kamer gesit het. Die venster was oop en ik lees 'n banje mooie boek van die geeste wat opgeroep word deur die mense, wat hulle ken en hulle taal verstaan en.....

Die mense in die kamer het niet opgemerk dat dit amper twaalf is en net sos die ou verder wil gaan, klink daar 'n harde skoot en begin die mijne te fluit en die krekkers te skiet en hulle begin mekaar een gelukkig nieuwjaar te wens en dit is ver jou 'n hand gegee en 'n gesoën v'r 'n o'eblik dat jij niks kan hoor nie. Gjert stel voor om 'n bietje naar die hoek te gaan, want die barman het gesê, hulle geef vrij drinks om twaalf uur! Die mans denk, dit is 'n goeie plan, en hulle staat op en stap uit. Alleen Vermaak gaat niet saam nie, want hij het kopseer, sê hij. Hij gaat lieverster huistoe, en groet.

Die vroumense is alleen en sit en gesels; die gesprek kom weer op die spoke en miss de Beer sê, dit is almaal maar bog en die ou vrouw wil weer kwaad word oer die ongelovigheid. Die raam, wat naar die jaard s'n kant het oop gegaan is nou wijd oop, die wind laat die linnengoed heen en weer swaai. Daar is 'n o'eblik van stilte in die kamer en hulle luister nog naar 'n krekker, wat hier en daar word afgeskiet. Die mense word slaperig, want dit is al laat en die nooies is moeg van die dans. Op eens kijk die ou tante uit die raam en wijs skrikkerig naar buitekant. Kijk, kijk roep sij, daar is hij weer; kijk tog! kijk tog, die selfde ou gees! En ja waarlijk, daar staan 'n verskijning, wat die andere vroumens so maar wit maak van die skrik! 'n Grote spook staat net diskant die wasgoed en steek sijn arme reguit naar die vroumense toe! Mrs Van Graau val somaar voor o'er op die tafel en verberg haar gesig, en die nooiens en mrs Rademeyer vlieg op om weg te hol! „Wat het ik v'r julle gesê”? sê ou tante. Maar ik is nie bang v'r die ding: Kom nader geest, sê sij, dat ik met jou kan spreek, ons sijn niet bevreesd voor geeste!” Dit lijk of sij denk, die gees verstaan net Hoog Hollans.

En kijk daar kom die gedaante nader, en roep met 'n stem, hoog uit sijn keel: „I is dood! I is dood, I is,” maar voor't hij klaar is, is die vroumens die deur uit en weg op die straat en hulle skreeuw en gaat te keer of

die huis in die brand staan. Alleen mrs. Stein het nog 'n rukkie agter gebly maar toe die spook aan kom, loop zij ook. Mrs. van Graan het „bar” s'n kant toe gestorm en roep haar man, die niet heeltemaal meer fris is en met die ander kjerls aankom en sing: Jeruzalem. Hulle ontmoet die verskrikte vroumense en die spul word ook so maar op eens dapper. Mr. Rademeier wil eerst 'n bietje huistoe gaan en sijn revolver gaat haal, want dit is altemets dieve, die twee jong seuns is al op die veranda, maar wag daarom op die andere mans, wat nog ankome. Die vroumens blij buitekant en Gjert is die eerste om binne te gaan. Hij stap ook somaar in, maar sien niks nie. Alles is nog net sos hulle weggegaan het! Die lamp brand die glase staan nog op die tafel en die raam staat oop. Versigtig kijk hij naar buiten, maar daar is niks te sien. Die linnengoed waai nog net so'n bietje heen en weer maar verder is daar niks te verneem. Hij roep die andere, wat nog buitekant staan en hulle kom almaal in. Die een soek nou onder die bed en die ander in die kombuis, maar daar is niks. Dit is nou al half een en die mans begin en spot die vroumense, o'ert hulle so bang is. Rademeier het sijn revolver in sijn sak gesteek en haal dit uit om te wijs, wat hij sou doen als daar altemets 'n dief gewees was, maar die vrouwe skreeuw als hulle die ding sien en hij zet dit weer weg. So staan hulle nog so'n rukkie en kijk mekaar aan, en op die end sê Gjert „kom ons sal nog net so'n nightkeppie maak.” Hij gaat in die kombuis, maar kom ook somaar dadelik terug met 'n veskrikte gesig. Daar was niks meer nie! Die één bottel was amper leeg gewees en die ander was nog heeltemaal vol, en nou is dit alles weg. „Wie het dit gedoen,” vraag hij kwaai aan sijn vrouw. Die arme mens weet dit natuurlik net so min als hij en sij sê ook, hulle was niet in die kombuis gewees, voor dat die spook gekom het.

Die mense wil nou loop, want hull sien Gjert word nukkerig, en die een voor die ander trek en sê: „Good night!” Mrs. van Graan gaat naar die slaap kamer, maar

haar man is nog niet klaar om te gaan slaap. Gjert het 'n suspisie, maar hij sê niks nie. Hij stap agter uit die huis, gaat so'n endje die gangetje in en maak 'n deur oop. Daar voor hem is 'n venster en hij sien die gordijn is af, maar hij kan tog nog daar onderdeur sien. Dit is die kamer van oom Verlaan. Gjert loer deur die opening en ja daar sit die ou! Als Gjert niet 'n paar sopies op gehad het, sou hij seker ook geskrik het. Daar sit die ou met 'n groot wit laken om sijn kop en sijn magere gesig kom nog net uit. Sijn oge is amper toe en hij kijk net sos hij van sijn verstand is naar die kers, wat amper dood gebrand is. Die kersvet loop met 'n dikke stroom langs sijn een vinger, maar dit sien en voel hij niet. Voor hem staat 'n glas wat amper vol is en 'n bottel wat amper leeg is. Ja, wragtie, dit is sijn bottel dop; Toe Gjert hier goed oerdenk vergeet hij die nare gesig, maak die deur ook so maar oop en stap binnekant. Die ou hoor niks nie en Gjert vat hom bij die skouer en skud hem fluks heen en weer. Jou ou vagebond, sê hij, jij het spook gespeul hê? Ik het nooi geweet, dat geeste ou dop drink, maar nou sien ik dit, jou ou vuilis! Ou Verlaan, wordt 'n bietje wakker, kijk Gjert an en sê: „Gjert ou maat, Happy nieuw jaar,” hij wil opstaan, maar val ook so maar op die bed agter hom neer, en als Gjert hom nog 'n slag goed skud sê die ou: „I is dood I is.....maar toe is dit verder v'r niet om nou met hem te praat. Gjert vat sijn bottel dop, geef die ou 'n gave klap oer sijn gesig, dat hij so eventjes kreun, en stap weg. Al hij bij die huis kom en als sijn vrouw (wat in duisend angste gewees het in sijn afwesigheid) hem vraag, „hoe staat sake nou?” sê hij, banje kwaai; „Die vervloekste geest het mijn dop klaar gedrink, maar wag 'n bietje; ik sal hem morre 'n flukse pak gé om hem 'n Gelukkig Nieuwjaar te wens, die vuilgoed!
